

## INLEIDING

### I. Etimologie

Opmerkings oor die Etimologie, een van die oudste onderdele van die taalstudie (o.a. reeds by Aristoteles en Varro), lê verspreid in talryke geskifte sedert die oudheid tot vandag toe. Die aantal indringende en insiggewende studies daarvoor is egter beperkter as wat 'n mens sou verwag. Kenmerkend en opvallend van die huidige situasie is dat betreklik resente publikasies op dié gebied geen nuwe benadering of noemenswaardige metodologiese vooruitgang openbaar nie. Dit blyk o.a. daaruit dat S. Reiss (*The Rise of Words and their Meanings*) in 1950 nog van die lank reeds verouderde standpunt uitgaan dat alle woorde van alle tale min of meer verwant is. L. Mackensen se jonger, leersamer en verdiensteliker werk (*Deutsche Etymologie*) gaan nog hoofsaaklik van 'n kultuurhistoriese gesigspunt uit en nie van 'n linguistiese in eerste instansie nie. Hy gebruik die herkoms van woorde as 'n middel tot 'n doel, maar dié doel is nie die etimologie nie.

Dit sou vandag waarskynlik nog moeiliker as voorheen wees om 'n allerweë bevredigende en gesaghebbende monografie daarvoor te skrywe, omdat die opvatting van die moderne Linguistiek oor 'n aantal grondbegrippe (o.a. "betekenis", "funksie", "morfeem", "sin", "vorm", "woord", "woordgroep") waarmee die Etimologie te doen kry, nog prinsipiële terminologiese vraagstukke oplewer. In die onderhawige werk kan derhalwe alleen enkele groot figure op dié gebied genoem word en 'n aantal gesigspunte van praktiese belang kortliks die aandag geniet.

1. Dit kan onder taalkundiges as bekend veronderstel word dat die Grieke in hulle wysgerige taalbetragting van mening was dat jy met 'n woord se *étumon* ("die regte, die ware", as vermeende "oorspronklike betekenis" vertolk) agter die waarheid en die werklikheid kon kom wat daaraan ten grondslag lê.

Ons woord *etimologie* hou met hierdie Griekse begrip en term verband, maar ons opvatting daaromtrent het met verloop van tyd belangrike wysigings ondergaan. Na eeuelange beoefening van die taalstudie is daar egter nog mense, en onder hulle selfs geleerdes, wat meen dat hulle kan bepaal wat 'n woord vandag "behoort" te beteken as hulle kan aantoon wat dit sg. "oorspronklik" beteken het. Maar taalkundiges en veral etimoloë weet vandag, en ander geleerdes en selfs leke behoort te weet, dat hierdie opvatting op 'n wanbegrip berus. Uit die taalfeite blyk alleen dat woorde in die reël gekoppel is aan betekenisnuanses waarvan in gebruiksgevalle gewoonlik net een op 'n keer gerealiseer word, maar dat daar met verloop van tyd semantiese verskuiwings plaasvind. Die veronderstelde "oorspronklikheid" van woorde (semanties of andersins) kom later weer ter sprake.

2. Die Grieke is dan ook reeds uit die staanspoor (soos uit Plato se *Kratulos* blyk) t.o.v. hulle opvatting omtrent die *étumon* deur twee teenoorgestelde gedagterigtings gekonfronteer. Daar was enersyds diegene wat geglo het dat woorde “oorspronklik” ’n “inherente” betekenis gehad het, d.w.s. dat daar tussen “dinge” en hulle “name” ’n natuurlike verband bestaan het (saamgevat in die slagwoord *phusei*, “van nature”). Andersyds was daar diegene wat ontken het dat woorde met ’n “aangebore” betekenis te voorskyn gekom het. Hulle was van mening dat dit ’n kwessie van “gebruik, konvensie, ooreenkoms, oorlewering of tradisie” was (saamgevat in die term *thesei*, “deur gebruik”). Dié meningsverskille het tot in die Middeleeue voortgeduur.

3. Mettertyd het geblyk dat albei partye (d.w.s. die voorstanders van die gedagterigtings deur *phusei* en *thesei* aangedui) in ’n mate gelyk gehad het, met die gevolg dat woorde uit hierdie oogpunt in twee groepe ingedeel kan word.

a. Daar is ’n minderheid van woorde wat, op enkele uitsonderings na, klaarblyklik klanknabootsend van aard is of waarskynlik vroeër onomatopeïes was; en dit blyk dat hulle meestal wel ’n natuurlike verband met hulle betekenis het of altans gehad het. Daarmee moet ook die etimoloog terdeë rekening hou, maar hy moet terselfdertyd onthou dat die min of meer eendersluitende klanke van diere, visse, voëls, ens., in verskillende tale nie altyd eenders weergegee word nie. Daaroor het Jespersen (o.a. in *Language*, 150–1, 313–4 en elders) enkele behartigenswaardige opmerkings gemaak.

Sommige sg. uitroepwoorde het blykbaar die een en ander met onomatopeë gemeen en ek het reeds in 1921 tot versigtigheid by die afleiding daarvan gemaak (VT, 253 en elders). Bosman (OOA<sup>1</sup>, 78 en OOA<sup>2</sup>, 77) was van mening dat ek die moeilikhede oordryf het, maar Grauls (HKCTD V, 1931) het my weer in ’n groot mate gelyk gegee.

b. Die bestaan van sinonieme in tale en van verskillende benamings vir dieselfde “dinge” in aparte tale het op die duur die opvatting laat scëvier dat daar in die meerderheid van die gebruikse gevalle geen “natuurlike” verband tussen “dinge” en hulle “name” bestaan nie. Die herkoms van verreweg die meeste woorde moes derhalwe deur historiese en vergelykende navorsingsmetodes nagespeur word. So ’n standpunt vind sedert die Renaissance geleidelik al meer en meer ingang, maar die metode van etimologisering was voorasnog heftemal onwetenskaplik. Tot lank na die Renaissance was dit nog grotendeels vernuftige en soms naïewe raaiwerk wat dikwels op ’n dwaalspoor begin en/of daarop uitgeloop het.

4. Talle pogings tot woordverklaring deur die Middeleeue heen en tot diep in die 18e eeu was nog van die aard wat ons vandag Volksetimologie noem. Ons moet dit glo maar as ’n ingeburgerde

term in die Taalkunde aanvaar, maar dit is dikwels verwarrend, omdat dit meermale moeilik is om uit te maak wat ons alles daar- onder moet tuisbring, al dan nie. Die gewone opvatting is dat betreklik onbekende en onbegrepe woorde volgens hierdie verkla- ringsmetode dikwels deur min of meer ongeletterde persone uit die volksklasse eenvoudig met bekender woorde in verband gebring en mettertyd daardeur vervang word. Die sg. Volksetimologie is dik- wels ook waarskynlik nie soseer die produk van onkunde nie, maar van sprekers wat nie goed "gehoor" het nie (vgl. M. de Villiers: "Die oor as faktor in Klankverandering", NT, 1964). Dit kan ook ontstaan by wyse van 'n soort grappige en vernuftige woordspeling of die gevolg wees van preutsheid wat 'n onfatsoenlike woord met behulp van 'n eufemisme probeer kamoefleer. In Frans word dit o.a. *attraction paronymique* (ook — *homonymique*) genoem, maar assosiasies word nie uitsluitend met bekender homofone, homo- nieme of paronieme gevorm nie, dog soms ook met onverklaarbare "maaksels" wat in die taal van die skeppers daarvan geen herkenbare betekenis het nie. Wie bv. van die Nederlandse *nachtschade* in Nederlands o.a. *nachtschaal* en *nasscade* gemaak het, het die woord nie juis "verklaar" nie, terwyl die Afrikaanse *nastergal* dit verder "verduister" het.

Die gevolg is dat die term Volksetimologie soms in etimologiese woordeboeke ongelyksoortige gevalle moet dek wat nie semanties en/of foneties bevredigend verklaar kan word nie. Die etimoloog moet homself dan soms uit so 'n situasie red deur te beweer dat 'n bepaalde woord met 'n ander in betekenis, funksie, vorm, ens. deurengeloopt het of deur bygedagte daaraan sus of so gewysig is.

5. In weerwil van wat in die voorgaande oor die 18e-eeuse etimologisering gesê is, het Lambert ten Kate reeds in die eerste kwart van die eeu 'n nuwe stem laat hoor toe hy tussen klanke en letters (lettertekens) onderskei en die taalstudie histories en vergelykend benader het. Ook sy tydgenoot, Leibniz, se woordafleikunde het ondanks foute en vergissings aan die Etimologie wat onder die hande van sy voorgangers in diskrediet geraak het, weer aansien en geloofwaardigheid besorg. Maar Ten Kate en Leibniz se woorde het by die taalkundiges van hulle eeu op dowe ore geval, en 'n eeu na hulle het Grimm e.a. nog van "buchstaben" (letters) gepraat wanneer klanke eintlik ter sprake was. Die groot 18e-eeuer, Voltaire, het dus grotendeels gelyk gehad met sy geestige opmerkings dat by die Etimologie vokale nie meetel nie en konsonante bloedweinig.

6. Die ontwikkeling van die Historiese en Vergelykende Taal- kunde sedert die eerste kwart van die vorige eeu (die broers Schlegel, Rask, die broers Grimm, Bopp e.a. tot aan die versamelwerke van Schleicher en van Brugmann) het aan die beoefening van die Etimo- logie (Curtius, Diez, Pott, Von Miklosich e.a.) geleidelik ten goede gekom en die weg voorberei vir baie van die etimoloë wie se werke in die bronnelys hierby vermeld word. Maar meer as 'n halwe eeu na die dood van Voltaire betoog Terwen nog in sy *Etymologisch*

*Handwoordenboek der Nederduitsche Taal* (1844) uit eie oortuiging en op beweerde gesag van Webster dat alleen die medeklinkers betekenisdraend is en die “klinkletters” (vokale) “volkomen onverschillig” (Inleiding, xxviii).

7. Daar is egter steeds strenger fonetiese eise aan die woord-afleikunde gestel en die destydse etimoloë het hulle (ten dele waarskynlik na die voorbeeld van die tydgenootlike natuurwetenskaplikes op die gebied van die ewolusionisties georiënteerde biologiese vakke) daarop toegelê om uit beskikbare taalbousels en taalreste veronderstelde Indo-Germaanse en ander oerwortels te rekonstrueer. Die taalgebruik werk met woorde wat nie altyd aan die verwagte patroon beantwoord nie; wortels is abstrakter en ingewikkelder taalbousels. Die 19e-eeuse taalkundiges het die rekonstruksie van wortels, wortelvariante en stamme ongetwyfeld oordryf, en seker niemand sal vandag soos Schleicher meer daaraan dink om met behulp van gerekonstrueerde vorme ’n hele fabel in voorhistoriese Indo-Germaans te skrywe nie.

Die hedendaagse linguïste, meer bepaald die strukturaliste, werk nie meer met gerekonstrueerde stamme en wortels uit ’n vervloë taaltyperk nie, maar met morfeme en allomorfe as betekenisdraende eenhede in die huidige taalverskynsels. Of ons daarmee vir die Etimologie bevredigender gegewens en uitkomst sal bereik, staan nog te besien, want die etimoloog se taak stel aan hom eise wat soms moeilik te versoen is met dié van die moderne Linguïstiek. Hy moet o.a. uiteraard in sy benadering van die taalfakte op sy gebied gedurig verband soek en probeer lê tussen die sinchroniese en die diachroniese. Daar moet egter onthou word dat wat ons diachronies noem, net ’n opeenvolging van sinchroniese gegewens is, soos ’n reeks portrette van ’n persoon op verskillende leeftye. Wat die taal betref, sal daar dikwels skakels in die chronologiese ketting ontbreek, en dan moet die etimoloog nie te veel waarde aan rekonstruksies heg nie, want die taalgebeure verloop soms met eengalige reëlmatigheid en dan weer met spronge. Hierdie onberekenbare en onvoorspelbare verloop raak alle fasette van die inwendige en die uitwendige taalgebeure en maak derhalwe ook alle rekonstruksies onbetroubaar. Mits die etimoloog hulle as sodanig beskou en hulle waarde nie oorskakel nie, moet dit hom vergun word om hulle met diskresie as bykomstige getuie in aanmerking te neem.

8. In teenstelling met die strengheid van hulle klankeise t.o.v. gerekonstrueerde vorme het die 19e-eeuse etimoloë groter en verbeeldingryker toegeeflikheid by die rekonstruksie van sg. “oorspronklike” betekenis beoefen. Voltaire sou op grond daarvan die wispelturigheid van die Etimologie nog sterker kon veroordeel het.

Andersyds is dit ’n betekenisvolle taalverskynsel (wat vir natuurwetenskaplikes soms onbegryplik bly) dat leke by die naamgewing aan plante en diere bekende name op ander flora en fauna oordra wat nie eers tot dieselfde “familie” behoort nie. Voorbeelde daarvan is te vind in talle etimologiese woordeboeke en ander dergelike



bydraes op dié gebiede, soos bv. dié van Hehn en Scholtz. Dit gebeur ook, miskien op 'n minder opvallende wyse en in geringer omvang, op ander taalterreine. Ons moet ook daarmee rekening hou dat dit vir die leek net so bevreemdend is dat natuurwetenskaplikes by dieselfde "familie" plante en diere tuisbring wat vir hom lyk of hulle nie van Adam af familie kan wees nie. Hierdie taalfeite is vir die Etimologie van wesentlike belang en vind hulle verklaring in die verskil van motiewe by die naamgewing. Die aanklag teen die etimoloë kom in hierdie geval daarop neer dat hulle meestal veel vryer met die semantiese as met die fonetiese gegewens omgespring en geen perke aan die verbeelding gestel het nie. Dit het die heilsame uitwerking gehad dat die hedendaagse taalkundiges allerweë worstel om tot groter helderheid omtrent die "betekenis" van "betekenis" te kom (vgl. veral die bydraes van Reichling).

9. Enkele gesigspunte, gevolgtrekkings en feite uit die geskiedenis van die Taalkunde wat met die inhoud van die voorafgaande alineas in verband staan, moet hier genoem, verduidelik en toegelig word.

a. Die etimoloog moet terdeë sowel met die semantiese as met die fonetiese gegewens rekening hou. Verontagsaming hiervan was daarvoor verantwoordelik dat baie 19e-eeuse etimologieë òf foneties òf semanties onoortuigend en soms waardeloos was. Enkele eenvoudige voorbeelde kan hierdie bewering nader toelig. Eers dan aan die fonetiese kant 'n voorbeeld wat in Nederlandse werke oorbekend is. As daar geen rekening met die klankgeskiedenis gehou word nie, sal Nederlands-Afrikaans *kop* waarskynlik met Latyn *caput* (= "kop") in verband gebring word, terwyl *caput* in werklikheid met Nederlands *hoofd* en Afrikaans *hoof* verband hou.

Word die semantiese feite andersyds verontagsaam, dan sal Afrikaans *rinneweer* (in vroeër uitgawes van die Akademie se *Woordelys* gespel *reneweer*) stellig eerder met Nederlands *renoveren* as met *ruïneren* in verband gebring word.

Meer dergelike gevalle kan genoem word, maar daarmee wil nie gesê wees dat daar nie ook met ander taalverskynsels soos beklemtoning, funksie, ens., rekening gehou moet word nie. Ander faktore kom later aan die beurt.

b. Wat hier ook verder beklemtoon moet word, omdat dit selfs vandag nog nie altyd terdeë besef word nie, is dat daar uiters selde 'n "oudste vorm" of 'n "oorspronklike betekenis" voorhande is. Wat ons werklik vind, is meestal slegs die *oudste dokumentering van die spelvorm van 'n woord*. Die uitspraak daarvan kan soms met behulp van dubbelspellinge, wisselvorme, die gebruik van die woord as een van 'n rympaar, ens., en die betekenis uit die algemene konteks en die onmiddellike sintaktiese verband by benadering afgelei word. Hierdie bykomstige faktore en gegewens is dikwels ontoereikend en soms nie beskikbaar nie. Maar dit kan as 'n aksioom aanvaar word dat so 'n vorm en die daaraan gekop-

pelde betekenis nog 'n onnaspeurbare voorgeskiedenis gehad het. 'n Woord se bestaan en sy fonetiese en semantiese geskiedenis is, moontlik op enkele uitsonderings na, seker altyd ouer as sy min of meer toevallige oudste dokumentering. Die gesproke woord gaan in elk geval meestal aan sy geskrewe vorm vooraf. Kennis van die "dinge" en hulle "name" kan 'n mate van betroubaarheid verseker, maar net tot op die punt waar die een of die ander by gebrek aan dokumentering van die verlangde gegewens ons in die steek laat. Dergelike oorwegings het Meringer daartoe gelei om sedert 1909 sy tydskrif *Wörter und Sachen* uit te gee.

c. Schuchardt (*Brevier*, Hfst. II) het teen die end van die vorige en die begin van die huidige eeu met klem van nugter argumente en gepaste voorbeelde betoog dat die etimologie van 'n woord eintlik niks anders as 'n oorsig van sy *kenbare geskiedenis* is en kan wees nie, hoewel hy toegegee het dat die geskiedenis van elke woord verweef is met die res van die taal se woordeskat. Maar baie destydse etimoloë het blykbaar skokbehandeling nodig gehad.

'n Paar publikasies gedurende die eerste twee dekades van die huidige eeu het indruk gemaak en tot besinning gevoer. Antoine Thomas het in sy *Mélanges d'étymologie française* (1902) teen oorbeklemtoning van die fonetiese ten koste van die semantiese gegewens gewaarsku, en dit lyk of sy duidelike en oortuigende standpuntstelling 'n kentering in die praktyk van kontemporêre etimoloë bevorder het. Maar dit was veral Gilliéron wat die etimoloë met sy opspraakwekkende boekie oor *La faillite de l'étymologie phonétique* (1919) 'n skok besorg het. Vir talle taalkundiges, en nie net vir etimoloë nie, was dit 'n keerpunt t.a.v. die veelbestrede vraagstuk insake die geldigheid van die klankwette. Hieroor later meer.

10. Die etimoloog bestudeer wel die kenbare geskiedenis van individuele woorde, maar die taalfcite self en sy metode van bestudering daarvan sal hom telkens noop om sy gegewens sinteties binne die raamwerk van sy taal se eksterne en interne geskiedenis te bekyk en te beskryf. Hy moet m.a.w. altyd rekening hou met wat in en met sy taal gebeur het. Daar is o.a. die herkoms van sy taal en wat dit moontlik as erfenis uit 'n ouer taalvorm en toestand meegekry het. Daar is die aard, bestanddele, lewenswyse en verspreiding van die bevolking oor 'n woongebied, met die middelpuntsoekende en middelpuntvliedende kragte wat daarin werksaam was en is. Daar is die veelvuldige en veelsydige kontakpunte met ander tale (vgl. bv. Weinreich se *Languages in Contact*, 1953). Daar is die tylyke geërfde, ontleende of verworwe middele tot woordvorming en die sprekers se gebruikmaking daarvan en voortbouing daarop.

Dit sou egter onrealisties wees om van die etimoloog te verwag om net so 'n deeglike kennis van ander tale as van sy eie te hê, maar dit kan redelikerwyse van hom verwag word om hom na vermoë vertrouwd te maak met die hoofcite van die geskiedenis, woorde-

skat en woordvormingsmiddele van die tale waarmee hy te doen kry. Selfs wanneer hy oor so 'n breë kennis beskik, sal hy waarskynlik nog t.o.v. die fyner en subtieler onderskeidings van ander tale meermale mistas.

11. Watter vrugte kan die etimoloog nou van sy moeisame, tydrawende en veeleisende arbeid verwag? Jespersen (*Language*, 307) gee daarop die volgende antwoord: "It is, of course, impossible to say how great a proportion of the etymologies given in dictionaries should strictly be classed under each of the following heads: (1) certain, (2) probable, (3) possible, (4) improbable, (5) impossible — but I am afraid the first two classes would be the least numerous". Jespersen oordryf miskien, maar hy gaan (t.a.p.) tog voort om met instemming uit Meillet se *Aperçu d'une Histoire de la Langue Grecque* 'n dergelike uitspraak aan te haal, nl.: "pour une étymologie sûre, les dictionnaires en offrent plus de dix qui sont douteuse et dont, en applicant une méthode rigoureuse, on ne saurait faire la preuve". Meillet het later in sy *Linguistique Historique et Linguistique Général* (292 vlg.) daarop teruggekom. Ook Schuchardt (*Brevier*, 108) spreek hom nie juis bemoedigend daaroor uit nie waar hy verklaar: "alle unsere etymologischen Operationen tragen das Gepräge der Wahrscheinlichkeitsrechnung".

Bestudering van die aangehaalde uitlatings in verband met die hedendaagse etimologiese woordeboeke laat gewettigde twyfel ontstaan of daar sedertdien 'n aanmerklike verbetering in die situasie ingetree het. Enkele van dié woordeboeke gee agterin 'n baie meer beskeie lysie twyfelagtige etimologieë as wat by die daarin behandelde trefwoorde te versamel is. Curtius (*Zur Kritik der neuesten Sprachforschung*, 145) het waarskynlik gelyk met sy verklaring: "Es ist besser bei solchen Versuchen zu irren als gar nicht darüber nachzudenken". Miskien moet die etimoloog dan maar troos soek in Tennyson se ontboeseming:

"There lives more faith in honest doubt,  
Believe me, than in half the creeds."

12. Geen ander afdeling van die taalstudie is waarskynlik meer as die Etimologie ingrypend geraak deur die standpuntverandering van die beoefenaars van die taal as 'n akademiese dissipline nie. Dit is waarskynlik juis om dié rede dat die woordafleikunde deur die eeue heen meestal 'n baie gevoelige waardemeter van die stand van die tydgenootlike geesteswetenskappe was.

Gedurende die klassieke oudheid moes 'n woord se *étumon* meermale òf die *phúsei*- òf die *thései*-gedagte steun. Hierdie standpuntstelling het weer invloed gehad op Aristoteles se kategorieë wat op hulle beurt deur 'n nie deur hom bedoelde vertolking tot die *grammatici* se rededele of woordsoorte gelei het.

In die Middeleeue moes etimologieë dikwels die skolastici dien in die stryd tussen die nominaliste en die realiste. Die Renaissanciste se fantastiese verbeeldingsvlugte het weer by die etimologie steun gesoek vir etlike geleerdes om te bewys dat Hebreeus en vir 'n ander

(Becanus) dat Nederlands die oudste taal is, totdat Leibniz (o.a. in sy *Collectanea etymologica* van 1717) sowel Hebreeus as Nederlands uit die Paradys verban het. Dit het die 18e-eeuse rasionaliste egter nie daarvan weerhou nie om die woordsoortonderskeidings van hulle voorgangers nog verder op 'n logiese grondslag te probeer rasionaliseer.

Dan kom ons in die laat 19e eeu uit by die “ausnahmslosigkeit der lautgesetze” van die sg. “junggrammatiker” wat alleen bereid was om aan die analogie en die deurkruising van die klankwette konsessies te maak, maar wat uiteindelik moes kapituleer teenoor die opposisie wat t.o.v. die klankontwikkelings niks meer as “ein ewiges ringen . . . nach regeln” (soos o.a. deur Frings en in die reeds aangehaalde uitspraak van Gilliéron vertolk) wou aanvaar nie.

Vandag moet die etimoloog weer die uitdaging aanvaar van die strukturaliste met hulle opvattinge omtrent morfeme. Daarmee kom o.a. sowel semantiese as morfologiese vraagstukke in die gedrang onderwyl die eerste klanke van verset verneem word teen bepaalde beskouings omtrent die foneem en die morfeem, asook teen die oordrewe skeiding tussen die diachroniese en die sinchroniese, om nie van die “betekenis” van “betekenis” te praat nie.

Vir die etimoloog kom dit alles daarop neer dat hy ten slotte altyd terdeë rekening moet hou met die betroubaarheid van die segsmanne op sy gebied. Tot watter “skole” behoort hulle? Wat is gevolglik hulle uitgangspunt? Wat is die aard van hulle algemene en taalkundige kennis en bevoegdheid? Het hulle onbevooroordeeld en oordeelkundig teenoor hulle bronne gestaan? Het hulle bewerings gemaak wat onopsetlik misleidend kan wees of nie ter sake is nie, of het hulle ongesê gelaat wat gesê moes gewees het? Was hulle in hulle opvattinge omtrent die invloed van vreemde tale op hulle eie taal miskien gekondisioneer? Dit is maar enkele van die talle vrae waarop die etimoloog hom moet instel.

Dit alles moet ons egter nie belet om na die waarheid, na 'n doeltreffender metode om dit te bereik en na wetenskaplik bevredigender uitkomst by die beoefening van die Etimologie te bly soek nie.

Die etimoloog se taak verg dat hy steeds na skakels tussen die diachroniese en die sinchroniese moet soek. Miskien moet hy dan ook maar t.o.v. sy metode en terminologie eklekties te werk gaan: van die wapenrusting van die ou garde behou wat nog nuttig en prakties is, van die toerusting van die jonger generasie oorneem wat reeds betreklik algemeen as onmisbaar aanvaar is.

13. Ons het in die voorafgaande paragrawe die eise genoem wat die etimoloog aan homself, aan sy segsmanne en aan sy vak in die algemeen moet stel.

Die vraag doen hom nou voor watter eise ons aan 'n etimologie as sodanig moet stel. 'n Etimologiese woordeboek of 'n dergelike kompilasie is ten slotte net 'n versameling individuele etimologieë.

Elke woord se etimologie bring sy die probleme mee, die een meer en die ander minder, die een makliker en die ander moeiliker, ens. Maar daar moet tog 'n algemene norm wees waarna gestreef word. Ons sal ons voorlopig nie aan 'n definisie van die begrip "etimologie" waag nie, want 'n definisie van die begrip "etimologie" is nog moeiliker as die opstel van 'n etimologie self. Ons volstaan derhalwe met 'n drietal eienskappe en vereistes te noem waaraan 'n etimologie o.i. moet voldoen:

a. 'n Etimologie is 'n uiters beknopte, oorsigtelike en tegelyk insiggewende geskiedenis van die behandelde trefwoord binne die raamwerk van die taal waarvan dit deel vorm en wel van die moment af dat dit uit 'n ouer taalvorm oorgeërf, aan 'n ander taal ontleen of in die betrokke taal self gevorm is.

b. Sy doeltreffendheid en waarde word o.a. bepaal deur die beskikbare gegewens en die vermoë van die etimoloog om so 'n kursoriese biografie van 'n woord in sy "milieu" saam te stel.

c. Wat aan 'n woord se geskiedenis in 'n ouer taalvorm van die betrokke taal en/of in 'n ander taal of ander tale voorafgaan, is eintlik etimologiese voorgeskiedenis wat in uiters beperkte vorm weergegee word, hoofsaaklik as vergelykingsmateriaal diens doen en eintlik meer kultuurhistoriese as linguïstiese waarde het.

## II. Voorgeskiedenis

Dit is miskien hier die aangewese plek om ook iets mee te deel oor die aanleiding tot die onderhawige werk, oor wat daaraan voorafgegaan het, kortweg, oor sy voorgeskiedenis.

1. Na die middel van die vorige eeu het die ontwikkeling van die Historiese en Vergelykende Taalkunde, veral op die gebied van die verwantskapsverhoudinge van die Indo-Germaanse tale, 'n hoogtepunt bereik en was die vernaamste suksesse behaal. Dit is allesins begryplik dat daar toe na nuwe terreine, rigtings en metodes van navorsing gesoek is. Twee nuwe terreine het veral aan die beurt gekom.

2. a. Die Europese dialekte het die aandag begin trek, o.a. vanweë hulle vermeende argaïstiese ouderwetsheid, die beperktheid van die gebied en van die materiaal wat betreklik maklik bekom en beskryf kon word ('n aanloop tot die sinchroniese benadering). Miskien moet Changuion se "Proeve van Kaapsch Taaleigen" agterin *De Nederduitsche Taal in Zuid-Afrika hersteld* (Kaapst., 1e dr., 1844, 2e 1848) as 'n vroeë vrug van hierdie ontwikkeling by ons gesien word.

b. Vergelyking met nie-verwante tale en die wedersydse beïnvloeding van tale het ook aandag begin te geniet (Hirt, Wechsler, Bradley, Wyld e.a.). Navorsing op dié gebied het besondere prestige behaal deur die studies van Schuchardt, veral in verband met die Kreoolse tale, en hulle is gevolg deur ander dergelyke bydraes (bv. dié van Windisch e.a.).

3. Changuion se bydrae het blykbaar nie die aandag geniet wat dit verdien het nie, al het dit 'n tweede druk belewe. Maar die Eerste Afrikaanse Taalbeweging (1875) en die Eerste Vryheidsoorlog (1880) het waarskynlik daartoe meegewerk om taaltoestande in ons land onder die soeklig te bring in Europa, begrypklikerwyse veral in Nederland vanweë die stamverwantskap en miskien ook omdat Stoffel hom reeds in 1882 daaroor in 'n artikel uitgelaat het. Mansvelt se *Proeve van een Kaapsch-Hollandsch Idioticon* (1884) wat die volgende jaar deur Schuchardt in 'n Duitse tydskrif bespreek is, het stellig die aandag getrek, soos o.a. blyk uit die feit dat die *Woordenboek der Nederlandsche Taal* dit sedertdien dikwels aangehaal het. Op Viljoen se Straatsburgse dissertasie, *Beiträge zur Geschichte der Cap-Holländischen Sprache* (1896), het eers in 1903 'n reaksie gevolg van die kant van Boekenoogen (in *Album-Kern*). Intussen het Hesseling se *Gids*-artikel oor "Het Hollandsch in Z.A." verskyn, waarskynlik as 'n voorlopige verkenning te beskou. Met *Het Afrikaansch* (1899) het hy hom by Schuchardt se *Kreolische Studien* geskaar. Hy het historiese en taalkundige gegewens aangevoer om te betoog dat Nederlands in Suid-Afrika onder Maleis-Portugese invloed halferweë tot 'n Kreoolse mengeltaal vervorm is, maar dat die proses mettertyd gestuit is en dat die produk van die gedeeltelike kreolisering Afrikaans is. In hierdie monografie het Afrikaanse etimologieë begrypklikerwyse 'n belangrike rol begin speel.

4. Tot byna twee dekades na die eeuwending was Hesseling se bydrae die belangrikste en omvangrykste op dié besondere gebied en daarby het dit pragtig ingepas by die tydgenootlike taalnavorsing wat destyds al meer en meer taalverskynsels aan die invloed van ander tale gaan toeskrywe het in plaas van eers in die betrokke taal self 'n verklaring te soek. Ondanks bedenkinge van verskeie kante het Hesseling se standpunt sterk steun gevind, ook van Afrikaanse kant, bv. in P. J. du Toit se *Afrikaansche Studies* (1905).

5. 'n Aantal taalverskynsels (daargelate van watter herkoms) wat as kenmerkend van Afrikaans beskou is en in 'n mate nog as sodanig beskou word, is deur Hesseling en ander taalkundiges wat by taalverandering die voorkeur (meestal op 'n eensydige wyse en meermale beslis ten onregte) aan die invloed van vreemde tale wil gee, aangevoer. Die volgende kan as voorbeelde van sodanige beskouings omtrent bepaalde verskynsels dien:

a. Die prosedure om woorde wat reeds voor 1650 in Nederlands bestaan het, as Afrikaanse ontlennings te beskou en daarby selfs dan nog nie orals dieselfde maatstaf toe te pas nie.

b. Die gedeeltelike verlies en/of vereenvoudiging van fleksie by die werkwoord.

c. Die verlies (op enkele uitsonderings na) van die Imperfektum (wat o.a. ingrypende wysigings in die ablauteurskynsels meebring het).

d. Gevalle van sg. funksiewysiging.

e. Verskille van beklemtoning en uitspraak.

f. Die veelvuldige en veral veelsydige gebruik van reduplikasievorme.

g. Die gebruik van *-s* naas of ter vervanging van *-e* as meervoudsuitgang.

h. Die dubbele ontkenning.

i. Die gebruik van *bietjie* as bywoord.

j. Die gebruik van *die* as bepaalde lidwoord by selfstandige naamwoorde van alle geslagte in die enkelvoud en in die meervoud (m.a.w. die opheffing van aanduiding van die sg. grammatiese geslagte).

k. Die gebruik van *ons* as nominatief by die persoonlike voornaamwoord van die eerste persoon meervoud (m.a.w. die opheffing van die verskil in hierdie geval tussen die nominatief en die akkusatief).

l. Die gebruik van *-hulle* as 'n soort agtervoegsel om by bepaalde gebruiksevalle van selfstandige naamwoorde 'n kollektiwiteit aan te dui.

6. Teen 1916 het daar 'n kentering gekom toe Bosman in *Afrikaans en Maleis-Portugees* Hesseling se deur vreemde invloed gekondisioneerde standpunt en gevolglik censydige vertolking van die historiese en taalkundige gegewens bestry het. Sedertdien het daar 'n tweede uitgawe van die monografieë van sowel Hesseling as Bosman verskyn en is daar oor en weer, ook van ander kante, oor die aangeleentheid gepolemiseer. 'n Hele aantal etimologieë en sommige van die verskynsels in die voorafgaande paragraaf het weer eens ter sprake gekom.

7. Ek kon Bosman se sienswyse in baie gevalle onderskryf, maar ek kon nie heeltemal sy beskouing oor die ontwikkelingstempo van Afrikaans deel nie en my veral nie vereenselwig met sy standpunt dat "die Nederlands van vreemdelinge" die vernaamste vervormingsfaktor was wat van Nederlands Afrikaans gemaak het nie. As dit die geval was, dan moes daar, afgesien van Anglisismes, baie meer ismes in Afrikaans gewees het, wat nie die geval is nie. Ek het my dan ook reeds in 1917 (in *Die Methode van Ondersoek na die Ontstaan van die Afrikaanse Taal*) veral prinsipieel versit teen die destydse neiging om opvallende nuwe taalverskynsels dikwels eerder uit vreemde tale te wil verklaar as om so iets in die feite van die eie taal se ontwikkeling te soek.

Die toentertyd bestaande wetenskaplike geskrifte oor Afrikaans het die sintaksis voorlopig min of meer links laat lê, die klank- en vormleer net effens aangeraak en van die woordeskat 'n eensydige beeld gegee deur hoofsaaklik ontlenings of vermeende ontlenings aan Maleis-Portugees te behandel. Ek het derhalwe in *Volk en Taal van Suid-Afrika* (1921) by wyse van 'n steekproef grepe uit die Afrikaanse woordeskat gedoen en 'n ronde 2,000 woorde in (1) erfgoed,



(2) eiegoed en (3) leengoed ingedeel. Dié verhandeling het 'n kultuurhistoriese inslag gehad, maar etimologieë het daarby vanselfsprekend heelwat aandag geniet.

In die jare twintig en die begin van die dertigerjare het die Afrikaanse taalstudie aan ons inrigtings vir hoër onderwys nog in die teken van die teorieë omtrent die aard, tyd en tempo van die ontstaan van Afrikaans gestaan. Vanweë veelvuldige werksaamhede het die tyd my ontbreek om 'n heruitgawe van my proefskrif te besorg. As akademiese hoof van 'n korrespondensiekollege sedert 1936 kon ek nouliks voorbly om briewe van studente te beantwoord oor die herkoms van woorde wat by die ontstaansteorieë te pas gebring is en nie in 'n maklik bekombare werk te vind was nie. Ek het my deur hulle laat omhaal om die vernaamste relevante bronne te noem en uit die materiaal tot my beskikking die etimologieë van die gevraagde en enkele ander dergelike woorde (sowat 700) aan te gee in 'n *Etimologiese Woordeboek van Afrikaans* ('n te weidse titel met die oog op die gestelde doel, die beperkte inhoud en die oorhaastige samestelling onder die dringende druk van omstandighede wat geen uitstel geduld het nie).

In die behoefte wat daar in 1921 en in 1936 aan voorligting t.o.v. die herkoms van bepaalde Afrikaanse woorde bestaan het, is tot nog toe nie veel vollediger voorsien nie, vandaar die onderhawige bydraes, maar daarvoor meer hieronder.

### III. Doel

Tydens die bewerking (1921) van *Volk en Taal van Suid-Afrika* (hierna VT genoem) moes die hulp van die *Woordenboek der Nederlandsche Taal* (as WNT bekend) dikwels ontbeer word, want hele dele en aflewings (laat staan supplemente) was toe nog nie beskikbaar nie en heelwat ontbreek vandag nog. Dit was ook die geval tydens die samestelling van die *Etimologiese Woordeboek van Afrikaans* (hierna as EWA afgekort). Van Haeringen se *Supplement* by Franck-Van Wijk se *Etymologisch Woordenboek* was eers na die voltooiing van EWA beskikbaar.

Die aantal Nederlandse dialektwoordeboeke was omstreeks 1921 nog betreklik beperk en sommige daarvan baie verouderd. Sedertdien het op dié gebied 'n hele aantal publikasies verskyn wat in die bronnelys hierby vermeld word. Hier word (in alfabetiese volgorde) slegs aan die volgende name herinner: Ausems, Frings, Heeroma, Jacobs, Karsten, Kloeke, Ter Laan, die hele reeks van die Noord- en Zuidnederlandsche Dialectbibliotheek en Ghijsen se pas voltooië bydrae. Inligting insake dialektiese woorde, betekenis, vorme, ens. is in 1921 meermale deur my promotor uit sy ongepubliseerde aantekeninge aan my besorg met die versekering dat hy vir die juistheid daarvan kon instaan, maar met die versoek dat sy naam om goeie redes liefs nie deur my by gebruikmaking daarvan vermeld moes word nie. Daarby het hy 'n dringende siekteverlof uitgestel om my in staat te stel om my werk betyds in die beperkte tyd tot my beskikking onder sy leiding te voltooi. My dankbare herinnering aan

hierdie beminlike en hulpvaardige ou “gentleman” Stoett is na byna ’n halwe eeu nog vars in my geheue en word hier weer eens met onverminderde waardering aan sy nagedagtenis betuig.

Intussen het die eerste deel van *Die Afrikaanse Woordeboek* (as WAT bekend) in 1950 verskyn en word die vyfde band binne afsienbare tyd verwag. Maar WAT gee slegs in uitsonderlike gevalle etimologieë aan (bv. by sommige dialektiese woorde, meestal van Hottentotse herkoms en veral uit Noordwes-Kaapland, asook by ’n aantal Bantoewoorde). Volgens nie-amptelike berigte sal daar in die vervolg meer aan etimologiese gegewens gedoen word.

Van Haeringen se *Supplement* het indertyd oortuigend laat blyk hoe noodsaaklik aanvulling van en verbetering op ’n redelik goeie bestaande werk geword het. Daar het egter sedertdien sowel in Afrikaans as in Nederlands, asook in ander tale, talle publikasies verskyn wat nuwe lig op vroeër aanvaarde etimologieë gewerp en ook die behandeling nodig gemaak het van neologismes en van ouer woorde wat tot nog toe nie onder die soeklig van die Etimologie gekom het nie. Om redes wat nou reeds voldoende uit die voorgaande geblyk het, sal ’n Afrikaanse supplement nie in die bestaande behoeftes kan voorsien nie. Andersyds voel sowel studente as dosente aan ons inrigtings vir hoër onderwys tans ’n dringende behoefte aan ’n Afrikaanse Etimologiese Woordeboek. Dit kan nie nou reeds en wil hiermee ook nie nou al aangebied word nie. Dit sal nog jarelange spanwerk van ’n groep vakkundiges verg, soos o.a. uit die ervaring van Franck-Van Wijk-Van Haeringen geblyk het.

Miskien moet ons voorlopig tevrede wees met iets tussen ’n supplement en ’n volledige Afrikaanse Etimologiese Woordeboek. Daar bestaan vandag in ’n aantal tale ’n reeks beknopte en redelik goedkoop etimologiese woordeboekies, soos dié van J. de Vries vir Nederlands in die sg. *Aula*-reeks, wat meestal in uiters beperkte en oorsigtelike vorm ’n weergawe van die inhoud van omvangryker werke bied en wat intussen met vrug vir praktiese onderwysdoeleindes t.o.v. ’n groot aantal alledaagse Nederlands-Afrikaanse woorde geraadpleeg kan word.

Die onderhawige werk wil iets minder as ’n volledige etimologiese woordeboek bied, maar iets meer as ’n blote supplement en iets anders as bogenoemde woordeboekies in sakformaat. Dit is in ’n mate reeds die vrug van spanwerk.

Jare lank is uit allerlei bronne woordmateriaal versamel en op kaarte aangeteken. Dit het meer as ’n jaar in beslag geneem om die onderhawige werk in ’n voorlopige vorm op skrif te stel. Intussen het ek kollega Nienaber vanweë sy belangstelling in hierdie soort werk, sy periodieke publikasies van etimologieë en veral van *Hottentots*, sy *magnum opus*, om hulp en samewerking genader. Hy het goedwillig daartoe ingestem onder voorbehoud dat ek die finale seggenskap behou — vandaar dat dele van die Inleiding in die eerste persoon gestel is. Die inhoud is stuksgewyse vir kommentaar en kritiek aan hom gestuur. Hy het my bronne uit sy boekery in bruikleen afgestaan, my enkele publikasies geskenk waarvan hy meer as

een eksemplaar besit het en in ander gevalle ekserpte uit boeke in sy besit of uit seldsame werke in biblioteke toegestuur. Selfs wanneer hy m.i. soms in sy kommentaar hiperkrities was, het ek die eerlikheid van sy bedoelinge gewaardeer en verwelkom. Meningsverskille is altyd deur briefwisseling en/of persoonlike onderhoude in 'n kollegiale gees uitgestryk. Ek kan werklik nie met genoeg lof van die onbaatsugtige hulp van hierdie fidus Achates praat nie.

Onder die Bantoeïste het (in alfabetiese volgorde) veral professore Cole, Lanham, Van Wyk en Ziervogel en dr. Louw van tyd tot tyd vriendelike hulp verleen. Nagenoeg die hele werk is ten gevolge van eie ervaring met die voorlopige redaksie en van die ontvangte hulp van verskeie kante en op meer as een gebied herskrywe. Met dankbare gebruikmaking van alle verleende hulp, ook van ander kollegas as die hierbo genoemde here, wil hierdie werk probeer aanvul en saamvat wat in VT, EWA, *Hottentots* en in talle ander Afrikaanse publikasies (in die bronnelys hierby genoem) verskyn het. Dit maak derhalwe (met groter beskeidenheid as in EWA) alleen aanspraak daarop om *Afrikaanse Etimologieë* genoem te word. Hoe dit hierdie doel probeer verwesenlik het, kom in die volgende paragrawe aan die orde.

#### IV. Inhoud

Met die oog op die doelstellings van hierdie werk het die beslisning oor wat om op te neem, al dan nie, meermale moeilike vraagstukke opgelewer. Was die betekenis, funksie, uitspraak, vorm, ens., van die een of ander woord bv. belangrik en karakteristiek genoeg van Afrikaans om opname te regverdig? Die een beoordelaar of gebruiker sal meen dat te veel en die ander dat te min opgeneem is.

Hier kan alleen in breë trekke aangedui word *wat* uit die ingesamelde materiaal gekies is. Uit watter bronne daar geput en watter metode daarby toegepas is, sal uit verdere paragrawe moet blyk.

Uit duisende woorde wat in die loop van byna 'n halwe eeu uit leksikografiese bronne, eie lektuur en deur beluistering van ons taal op velerlei lewensterreine aangeteken is, is eers alfabetiese lyste opgestel. Daaruit is by nader insien weer talle woorde verwyder wat nie aan ons moeilik omskryfbare eise en maatstawwe vir opname voldoen het nie. Andersyds is weer uit bestudeerde bronne talryke tegniese terme, argaïstiese, neologistiese, dialektiese en min of meer internasionale woorde bygevoeg. Opname en weglating is nie altyd van persoonlike willekeur vry te pleit nie, maar die "skeikunde" van die taal sal seker nooit heeltemal soos dié van die Chemie wees nie.

'n Besondere vraagstuk in hierdie verband was wat om met twyfelagtige gevalle aan te vang. Die maklikste weg was om hulle eenvoudig te ignoreer. Maar dit is volstruispolitiek waarmee niks bereik word nie. Ons herinner aan Jespersen, Meillet en Schuchardt se aangehaalde uitsprake oor die onsekerheid t.o.v. 'n groot persentasie etimologieë en wil in oorweging gee dat eerlik erkende onkunde en twyfel vir ons opvolgers 'n aansporing kan wees om die spoor in

ander rigtings te soek en moontlik die verlangde antwoord te vind (vgl. die aangehaalde opmerking van Curtius). Hiperkritiek kan net so onvrugbaar as goedgelowigheid wees. Waar 'n woord egter van dialektiese herkoms of blykbaar weinig bekend is en nouliks etimologiese leidrade bied, maar tog vir opname kwalifiseer, het ons 'n ? daarvoor geplaas, net soos ons 'n + voor argaïstiese woorde geplaas het. Waar die gegewens nog skraler was, moes ons noodgedwonge tot weglating besluit. Die waarheid word nie in een dag, in een geslag of selfs in een eeu verower nie. Die verlede van byna elke woord het in elk geval 'n grens van onbekende voorgeskiedenis, maar die toekoms hou die moontlikheid in om in sommige gevalle dié grens verder terug te skuive.

Die vraag wat uit die staanspoor die aandag van 'n etimoloog by die keuse van sy materiaal verg, hou verband met die herkoms van die meerderheid van die woorde waarvan hy binne die raamwerk van sy taal die geskiedenis moet beskryf. Is hulle erfgoed, eiegoed of leengoed? Ook in hierdie verband geld Schuchardt se beeld van 'n "Wahrscheinlichkeitsrechnung". Maar in ons geval wek die eksterne geskiedenis van ons taal feitlik vanselfsprekend die vermoede dat dit uit Nederlands voortgespruit het. Daarby maak die interne geskiedenis dit tot sekerheid, want 'n vergelyking van omvangryke steekproewe uit die woordeskate van dié twee tale bevestig so 'n verwagting. Die meeste trefwoorde wat in die onderhawige werk behandel word, het dan ook uit of via Nederlands in ons taal gekom.

## 1. Nederlands

Uit die voorgaande volg dat die verhouding Nederlands-Afrikaans meer aandag verg as dié van Afrikaans teenoor feitlik alle ander tale. Wat impliseer dié verhouding? Taalgeleerdes is dit met mekaar daaroor eens dat Afrikaans uit 17e-eeuse Nederlands ontwikkel het, maar daarmee eindig die eenstemmigheid soms. Daarmee word intendeel vrac aan die orde gestel met die beantwoording waarvan meningsverskille en selfs wanbegrippe te voorskyn tree. Enkele prinsipiële gesigspunte en 'n aantal aangeleenthede van benadering en metode van behandeling moet hier genoem en verduidelik word.

a. Wat is die *termini a quo* en *ad quem* van 17e-eeuse Nederlands? WNT het herhaalde male (o.i. tereg) sy grense vir die begin van Nieu-Nederlands na die middel van die 16e eeu (en selfs verder) teruggeskuif, omdat daar tussen Middelnederlands en Nieu-Nederlands 'n oorgangstydperk is waarvan die taal by gebrek aan 'n presieser benaming soms vaagweg "ouer Nederlands" genoem word. Soms word dit Laatmiddelnederlands genoem ter onderskeiding teenoor wat hieronder ook "ouer Nederlands" heet.

Die bestanddele van 17e-eeuse Nederlands kom later hieronder ter sprake. Hier moet egter voorlopig gekonstateer word dat talle studies daaroor (soos o.a. *De Hollandsche Expansie* van Kloeke) aantoon dat dit op die toenmalige Hollands berus het

wat ook vir die herkoms van Afrikaans van deurslaggewende belang was. Dan moet daar met die Hollands van die tweede helfte van die 16e eeu rekening gehou word, o.a. met wat destyds al, bv. deur Kiliaen, as verouderd beskou is en desondanks in Nederlands en Vlaams (vgl. Jacobs en Kluyver), asook in Afrikaans, bewaar gebly het. Daarom kan ons nie sonder meer Scholtz se bewering aanvaar nie: “Gelukkig hoef die Afrikaanse taalkundige hom nie te veel te bekommer oor Hollandse taaltoestande van voor die 17de eeu nie” (TO, 237). Ons het intendeel reeds beklemtoon wat Klooke (HGA, 301) ook van belang ag: “Men hoede er zich voor om de terminus a quo uitsluitend afhankelijk te maken van de toevallige eerste overlevering”.

Die *terminus ad quem* sinchroniseer ook nie met die einde van die 17e eeu nie; dit is blykbaar eers gedurende die eerste dekades van die 18e eeu as betreklik algemeen aanvaarde standaard min of meer gekonsolideer, maar was selfs toe nog geen kleurlose eenvormigheid nie (soos geen taal trouens ooit is nie). Ook toe was daar ’n oorgangstydperk wat ter onderskeiding teenoor 17e-eeuse Nederlands enersyds en Moderne Nederlands andersyds soms vaagweg “ouer Nederlands” genoem word. Duidelike halwe verdien dit oorweging om hierdie benaming vir hierdie bepaalde toepassing voor te behou.

Die geleidelike totstandkoming en aanvaarding van die sg. “Algemeen-Beschaafd” werp lig op die feit dat daar nog aan die begin van die 19e eeu van staatsweë opdrag aan Weiland en Siegenbeek gegee is om nie alleen ’n spellingreëling (wat periodiek nodig word) vas te stel nie, maar om ook die woordgeslagte en die spraakkuns normatief te reglementeer. Scholtz konstateer: “Die ooreenkoms tussen Afrikaans en wat nog tot diep in die 18e eeu as beskaafde Hollands gegeld het, is inderdaad treffend” (t.a.p. 239). Hy maan “dat ons versigtig moet te werk gaan by die gebruik van moderne dialekkarte vir die rekonstruksie van 17de-eeuse taaltoestande” (t.a.p. 247) en noem verskeie redes waarom hy “die ontstaan van Afrikaans heelwat later as prof. Klooke wil stel” (t.a.p. 250).

Die voorafgaande kom daarop neer dat die taalkundige die tydsgrense van 17e-eeuse Nederlands, die beginpunt van Afrikaans, die periodes toe dit sy sg. “draai” en later in so ’n mate sy “beslag” gekry het dat dit as ’n nuwe eenheid en selfstandigheid beskou kon word, noukeuriger as wat gewoonlik tot nog toe geskied het, moet aandui. Maar dit beteken allesbehalwe dat die taalkundige sy *termini* en keerpunte aan bepaalde jaartalle of selfs aan besondere dekades moet vaskoppel, want taalontwikkeling verloop geleidelik en ken alleen betreklik statiese en betreklik dinamiese periodes (vgl. I, 7).

b. Daar is allerlei vae bewerings en veronderstellings wat omtrent 17e-eeuers en hulle “taal” gemaak word en wat beslis misleidend is. Allerweë word tereg aanvaar dat die geboorte- en

oorspronklike woonplek van iemand geen waarborg van die aard en herkoms van sy "taal" is nie, en tog neem Kloeke (HGA) e.a. meermale aan dat 'n Culemborger, 'n Schiedammer of 'n Amsterdammer vanselfsprekend die taal of dialek van die betrokke plek gepraat en selfs sou geskryf het. Met die afleer en affê van sy "ideolek" of "dialek" ten gevolge van bereidsheid, ervaring, opleiding, verblyf en/of aanpassing by die een of ander AB word meermale nie voldoende rekening gehou nie.

Maar ons beswaar geld nie in die eerste plek Nederlanders van geboorte wat miskien nog 'n dialek gepraat, maar dit waarskynlik nie geskrywe het nie. Dit geld eerder landverhuisers omtrent wie aangeneem word dat hulle sprekers van Nederlandse dialekte was op grond van hulle laaste woonplekke in die Nederlande voor hulle vertrek na Suid-Afrika. Nou het die Nederlande gedurende die (ruim berekende) anderhalwe eeu tussen 1550 en 1700 vol gesit van landverhuisers, o.a. uit Sleeswyk-Holstein, Wes-Duitsland, die Waalse dele van België en Frankryk. Volgens die demografiese gegewens van Ramaer e.a. het hulle hul veral in Hollandse stede soos Amsterdam, Middelburg, Utrecht, Haarlem, Leiden en Rotterdam gevestig, terwyl in talle gevalle uit partikuliere bronne blyk dat hulle meermale lank daar gevestig was voor hulle na Suid-Afrika verhuis het. Het hulle ten tyde van hulle vertrek uit die Nederlande nog hulle "taal" of "dialek" gepraat of reeds in 'n mate die AB in wording aangeleer? Haugen (*The Norwegian Language in America*, 2 dl., 1953) toon herhaalde male aan hoe Skandinawiërs wat in Amerika met hulle eie "dialek" aangekom en hulle as gemeenskappe in 'n bepaalde omgewing daar gevestig het, dit dikwels gou kwytergeraak en 'n algemene taalvorm (deels van eie en deels van Amerikaans-Engelse maaksel) aangeleer het. Dit klop met ons eie huidige ondervinding in Suid-Afrika met Nederlandse immigrante. Dialeksprekers onder hulle raak ook dialektiese eienaardighede kwyter en leer 'n standaardvorm van Afrikaans aan (nie "dialektiese vorme" daarvan nie) waar hulle in die nuwe simbiose van ons stede teregkom. Scholtz (t.a.p. 254) het reeds dergelyke vroeë gestel en soortgelyke moontlikhede geopper. Ons het in hierdie geval waarskynlik met betreklik massale getalle te doen, terwyl Kloeke (HGA, 323) net in individuele gevalle, soos dié van Van Meerhoff, toegee dat hy na "drie jaar . . . ruimschoots geleentheid kan hebben gehad om zijn Hollands te verbeteren". Kloeke het in gebreke gebly om oortuigend te motiveer hoe die Kaapse chaos van die vreemdelinge se Hollands wat volgens hom verskillende uitwerkinge op Kaaps moes gehad het, dit moontlik maak dat ons "verskeidene ervaar teen elkaar weg kunnen schrappen" (t.a.p. 346, vgl. ook 338-40 e.a.).

Net werklike taalgebruik en pertinente gegewens kan in hierdie geval uitsluitel gee, want ons besef maar te goed dat die geskrewe taal sowel hier as in die Nederlande dikwels die gesproke woord geheel versluier.

c. Wat was 17e-eeuse Nederlands ten slotte eintlik? Dit is bekend dat dit NNd. met 'n inslag van SNd. was. Vir sover dit Nederlands was, is dit destyds egter nog nie skerp teenoor Nederduits onderskei nie en selfs so genoem, o.a. deur Van Riebeeck, kortweg Duytsch. Ter onderskeiding sou ons liever van Nederlands-Nederduits en van Duits-Nederduits moes praat. Uit die behandelde woorde, hulle betekenis en vorme blyk dat Bense se "Low Dutch" ook op so 'n opvatting berus het, maar daaroor later meer.

Ndl., soos reeds hierbo vermeld en soos hier vertolk, het veral op die dialekte van die provinsies Noord- en Suid-Holland berus, d.w.s. op SHoll. en NHoll. (in lg. geval meer bepaald op die vorm daarvan besuide die Y). Vondel noem dan ook in sy bekende *Aenleidinge* van 1650 as die kerngebied en uitstralingspunte daarvan in die besonder 'sGravenhage (SHoll.) en Amsterdam (NHoll.). Dit verklaar waarom Ndl. in die buiteland gewoonlik *Hollands* (in Suid-Afrika dikwels ook *Hooghollands*) genoem is. Die Engelse benaming *Dutch* hou verband met *Duits* en *Nederduits* en volgens Ghijsen word dit vandag nog in Seeus *Hoagduits* genoem. Na gelang van die gebruik, die plek en die tyd word die benamings Nederlands, Nederduits, Duits, Hollands, Hooghollands en Hoagduits as sinonieme gebruik, met die gevolg dat 'n taalkundige hom altyd presies rekenskap moet gee van wat met die toevallige gebruikte benaming bedoel word. Dit was nóg in naam nóg in inhoud 'n uniformiteit, maar 'n eenheid in verskeidenheid, soos in alle kultuurtaale.

d. Wat was nou die posisie van die 17e-eeuse dialekte t.o.v. die AB in wording? Ons moet onthou dat die gegewens insake Ndl. dialekte in WNT dikwels betrekking het op die hedendaagse dialekte en derhalwe met versigtigheid gehanteer moet word. Maar hulle kan in 'n mate met behulp van Kiliaen se opgawes gekontroleer word, hoewel ook hierdie kontrolemiddele nie sonder meer aanvaar kan word nie (vgl. o.a. Jacobs en Kluyver). Uit die geskifte van 17e-eeuers, uit taalkundiges se studies daaroor en uit WNT blyk egter baie duidelik dat 17e-eeuse Ndl. oor 'n aansienlike aantal wisselvorme beskik het. Baie daarvan word soms ten onregte as "dialekties" beskou, terwyl hulle blykbaar nog "bo-dialekties" was; die wordende AB het m.a.w. toe nog nie sy keuse daaruit gedoen nie. Aanvanklik het Afr. (in 'n ander omgewing en omvang en waarskynlik ook in ander verhoudinge) ook nog 'n keuse gehad uit wat uit die stamland meegebring is, soos uit die talle wisselvorme in die taal van Van Riebeeck en van sy tydgenote en opvolgers aan die Kaap blyk.

Die keuse het in die Nederlande en in Suid-Afrika soms eenders en soms verskillend uitgeval. Daarop moet ons hier kortliks verder ingaan. Dit is bv. bekend dat Vondel se taal aanvanklik Brabantse kenmerke getoon het, maar dat hy dit mettertyd doelbewus deur 'n algemener beskaafde taal vervang het, "want", so



verklaar hy t.a.p., “out Amsterdamsch is te mal, en plat Antwerpsch te walgelyck en niet onderscheidelyck genoegh. Hierom moeten wy deze tonghen matigen en mengen en met kennisse besnoeien . . .”. So het hierdie prinsdigter van Nederland se Goue Eeu, soos Vergilius eeue voor hom gedurende Rome se Goue Eeu, sy taal met goeie smaak en kennis gekies en versorg (vgl. *Acta Classica*, I). Maar Vondel het daarin, soos Vergilius, nie alleen gestaan nie. In die loop van ruim ’n anderhalwe eeu (ruweg tussen 1550 en 1700) het Nederlandse digters en prosaïste, amptenare en juriste, grammatici en puriste, Bybelvertalers en predikante, onderwysers en geleerdes, uitgewers en (Vondel se t.a.p.) “lieden van goede opvoedinge” deur beoefening, gebruik en voorskrifte, soms in medewerking en soms in wedywer met mekaar, meermale ook met meningsverskille, aan 17e-eeuse Ndl. ’n inhoud en vorm gegee wat mettertyd as ’n beskaafde standaard vir ’n AB aanvaar is. Namate die uitslae van die keuse aanvaar is deur en mettertyd tradisie geword het vir die beskaafde kringe, het heelwat van wat voorheen nog “bo-dialekties” was, geleidelik afgeskuif na die “dialektiese” vlak waar dit “lieden van minder goede opvoedinge” gedien het en vandag nog vir die etimoloog van groot waarde is (vgl. Van Haeringen; “Dialectologie en Etymologie” uit *Album-Grootaers*, opgeneem in *Gramarie*).

Dit wil ons voorkom dat ’n uitspraak van Verdenius (*Studies over Zeventiende Eeuws*, 144–5) in hierdie verband stellig meer aandag verdien. Hy konstateer naamlik: “Blijkbaar is er in het 17de-eeuwse Amsterdam bij lange na nog niet die grote kloof tussen de volkstaal en de — in wording zijnde — taal der beschaafde burgerij, der hogere standen, die wij in onze dagen zien. En er is, althans in het begin der 17de eeuw, nog heel wat aanvaardbaar in de literatuurtaal, ook in de hogere literatuurtaal, dat we een eeuw later geheel zien teruggedrongen naar lagere milieu’s of zelfs volkomen in onbruik zien geraakt. Dat geldt, zoals hier, voor klanken, dat geldt natuurlijk ook in ruimere zin.

. . . De sociale differentiëring was nog niet zo scherp geworden, ook niet in het taalgebruik, dat er een onoverkomenlijke barrière lag tussen de taal van het volk en die van de burger, tal van woorden en klanken konden nog beide kanten uit. De *stads*verhoudingen van toen kan men het best benaderen van uit de hedendaagse *dorps*verhoudingen in de provinciën, met name in de provinciën buiten Holland.”

In Suid-Afrika het die ontwikkeling anders verloop. Hier moes “lieden van minder goede opvoedinge” uit verskillende Nederlandse dialekgebiede hulle by ’n nuwe omgewing met eiesoortige behoeftes aanpas en mekaar in die vreemdsoortige simbiose ook op taalgebied vind. Hulle Kaapse kroos het ’n gebrekkige skoolopleiding ontvang en al minder en minder regstreekse taalkontak met hulle ouers en voorouers se stamland(e) gehad. Voor die end van die 17e eeu is daar reeds gevrees, hoewel Van Rhee de se voorstelling van die toedrag van sake moontlik oordrewe

was, dat hulle op taalgebied hand-uit raak. Hulle taalgebruik moes vanselfsprekend, deels vanweë hulle getalsterkte sedert die begin van die 18e eeu en deels weens die waarskynlik groter gelyksoortigheid daarvan in vergelyking met dié van die taalkundig ongelyksoortiger immigrante, al meer en meer medeseggenskap i.v.m. die ontstaan en ontwikkeling van die toekomstige taal van Suid-Afrika verkry het. Min of meer geïsoleerde “dialektiese” verskynsels uit die stamland het blykbaar minder kans van algemene opname deur die nuwe gemeenskap gehad as dié wat hele groepe sprekers met mekaar gemeen gehad het. Miskien kan die situasie met behulp van ’n beeld aanskouliker voorgestel word. Die “herkoms” en “groei” van Afrikaans (soos deur Kloeke gebruik) is te vergelyk met dié van ’n inlêerloot wat geleidelik losgemaak word van, maar nog steeds gevoed word deur, die stam van die moederplant, dog tegelyk lewe put uit die aarde waarin dit wortels geslaan het. Daarmee is die beeld van die ontwikkelende taaltoestande in Suid-Afrika nog nie voltooi nie. Die sg. “spraakmakende gemeente” het hier ook “leiers” op taalgebied gehad, o.a. owerheidspersone en ander opgeleide amptenare, enkele predikante, onderwysers en sieketroosters, om nie van besoekers te praat nie wat die Kaap periodiek besoek het en soms ’n tyd lank daar vertoef het. Die onbewuste en onopsetlike “Ausgleichung” op taalgebied onder die plaaslike gemeenskap het altyd min of meer onder “leiding” van die sg. “taalbehouders” gestaan van wie die “taalkinders” blykens die uitkomst die een en ander geleer het. Soms was die keuse uit bestaande wisselvorme hier, om watter rede of van watter kant ook al, dieselfde as in die stamland. Soms het die keuse geval op wat nog tot diep in die 17e eeu in die Nederlande tot die “bo-dialektiese” behoort het. Hierdie feite kan talle punte van ooreenkoms en verskil tussen Ndl. en Afr. verklaar. Maar daar is nog meer.

Afrikaans bevat tot vandag toe talryker wisselvorme as wat o.a. Kloeke besef het. Dit kom tans beter aan die lig uit die *Afrikaanse Taalatlas* as uit *Ons Geselstaal* van Von Wielligh of uit WAT en ander leksikografiese bydraes (vgl. weer eens in hierdie verband Van Haeringen se t.a.p. pregnante opmerkings oor die waarde van ’n taalatlas). Baie van dié wisselvorme berus op die verskil tussen Ndl. en Afr. t.o.v. die destydse keuse en sommige daarvan kan reeds as “dialektiese verskynsels” (in die sin van “streekspraakagtig”) in Afr. beskou word. Dat hulle nie tot volwaardige “dialekte” in die gewone sin uitgegroeï het nie, vind sy verklaring o.a. in die aard, omvang, trekbewegings en wisseling van die groepe sprekers, d.w.s. in faktore wat nie daarop bereken is om die bestending en vestiging van ’n gewestelike taalvorm te bevorder en te konsolideer nie. Dat hedendaagse Afr. baie met 17e-eeuse Ndl. gemeen het, behoort nou begryplik te wees, terwyl sy (volgens Kloeke opvallende) ooreenkoms met suidelike SHoll. o.i. die aanneemlikste verklaring vind in die feit dat SHoll. ’n baie belangrike bydrae tot 17e-eeuse Ndl. en tot hedendaagse

Ndl. gemaak het. Andersyds kan die verdwyning uit Nnl. van allerlei wat in Afr. behou gebly het, ook die eenvoudigste op hierdie manier verklaar word.

Die stryd om die behoud, al dan nie, van wisselvorme in Afrikaans — 'n vraagstuk wat in nou verband met Kloeke se opvatting van die “herkoms” en “groei” van ons taal staan — is ook nie so gou en plotseling besleg as wat Kloeke e.a. ons wil laat glo nie. Dit blyk uit talle gedokumenteerde taalfakte (o.a. uit bydraes van Scholtz, veral dié in TO en meer bepaald dié oor vorme van voornaamwoorde) dat Afrikaans (nes 17e-eeuse Ndl.) ook gedurende ruim anderhalwe eeu (van  $\pm 1652$ – $\pm 1806$ ) sy keuse gedoen het. Dit is censydig en misleidend om 'n enkele kenmerkende Afr. taalverskynsel of selfs 'n beperkte aantal as maatstaf te gebruik vir die beoordeling van die ontwikkelingsstempo van 'n taal. Maar t.o.v. 17e-eeuse Ndl. is daar nog 'n paar gesigspunte wat ons aandag verdien.

e. Ons moet ook rekening hou met 17e-eeuse Ndl. se Europese en oorsese ekspansie.

i. In weerwil van Nederlands se terreinverlies deur die groot-skeepse verhuising van Suid-Nederlanders na Noord-Nederland gedurende en tot na die Tagtigjarige Oorlog het 17e-eeuse Ndl. juis toe 'n merkwaardige ekspansie beleef, sowel in oorsese geweste as na Duitsland en veral na Noord-Duitsland (Platduitse gebied) toe (kyk o.a. J. W. Muller se artikelreeks oor “De Uitbreiding van ons Taalgebied in die 17de eeu” in NT XV, 161 vlg.). Allerlei vorme van Ndl. is tot diep in die 18e eeu deur die handel en die nywerheid, die kerk en die skool en op ander terreine waarop die uitgewekenes na Noord-Duitsland 'n invloed gehad het, daar ingevoer. Dit was en is dikwels nie meer moontlik om met “formeel-kenbare” (Kloeke) maatstawwe tussen “Duits-Nederduits” en “Nederlands-Nederduits” te onderskei nie, laat staan met “nie-formeel-kenbare” kriteria. Heelwat woorde kon regstreeks of onregstreeks langs verskillende weë uit dié geweste na ons gekom het, maar dit bly meestal onseker of hulle van Ndl. of van Pd. herkoms of van 'n vermenging van die twee was. Die bewysbare gevalle is nie aansienlik nie, maar die invloed waarskynlik groter as wat Kloeke wou toegee. Ook Bense het voor dieselfde vraagstuk te staan gekom. Die kansse dat Mhd. woorde en Pd. “dialektiese” vorme ons langs dié weg bereik het, lyk egter geringer. Maar wat uit daardie geweste ook binne die Nederlande in 17e-eeuse Ndl. voorkom, moet seker maar as erfgoed beskou word.

ii. Die oorsese ekspansie van 17e-eeuse Ndl. en die moontlikhede van die oordrag van woorde deur Ndl. uit vreemde tale kan miskien beter i.v.m. die betrokke tale te berde kom. Die etimologieë van sodanige woorde plaas ons telkens voor vrae

soos: argaïsme, erfgoed, leengoed, neologisme of relik? Die moontlikhede lyk hier, in vergelyking met erfgoed uit Ndl., groter en die beantwoording moeiliker.

## 2. Westerse Tale

Van die verwante Westerse tale uit die Indo-Germaanse taalgroep het Kelties en Noord-Germaans (die Skandinawiese tale) betreklik min tot ons woordeskat bygedra. Die redes daarvoor is begryplik en hoofsaaklik histories, d.w.s. gebrek aan kontak.

Die Slawiese tale het hulle bydraes meestal deur Duits (Hd. en/of Pd.) en via Ndl. of 'n ander Wes-Europese taal gelewer.

Voorgenoemde tale en taalgroepe verdien hier nouliks verdere aparte bespreking: die betrokke lemmas sal, waar moontlik, die nodige inligting daaromtrent verstrek.

### a. Die Klassieke Tale

Die invloed van Gr. (dikwels via Lat.) en van Lat. op die tale van Wes-Europa is te oorbekend om hier in besonderhede behandel te word. Meestal word net die Gr. en/of Lat. woorde genoem waarmee hulle verwante in Wes-Europese tale verband hou, maar soms ook, veral met die oog op semantiese aangeleenthede, verdere besonderhede, dog sonder om op hulle etimologieë en gerekonstrueerde wortels in te gaan. Met "etimologiese voorgeskiedenis" het ons in elk geval spaarsaam gewerk, ook in die gevalle waar woorde van klassieke herkoms, bv. i.v.m. die kuns, die tegniek en die wetenskap, meestal van 'n min of meer internasionale aard, ons regstreeks bereik het. Daaroor verskaf die meeste verklarende woordeboeke voorlopig genoeg inligting.

### b. Duits

Oor Ned. of Pd. is in die voorafgaande reeds die nodige gesê. Hier moet egter gekonstateer word dat die posisie ingewikkelder is as wat Kloeke (HGA) ons met 'n enigszins simplistiese skeiding tussen Hd. en Ned. wil laat glo, en dat ons by die beslissing oor ontlenings (hetsy regstreeks of onregstreeks) meer as "formeel-kenbare" verskynsels ook moet laat geld. Die bewysbare bydraes van Hd. was blykbaar nie groot nie, maar dit is opvallend dat ons telkens op nuwe gevalle afkom, sodat dit moontlik groter was en by verdere navorsing groter sal blyk as wat tot nog toe aanvaar is. Die betreklik geringe invloed van Duits is, met die oog op die groot kontingente Duitse immigrante van die 18e eeu af, nog altyd toegeskrywe aan die min vroue van Duitse herkoms aan die Kaap, asook aan die geringer vrugbaarheid van gesinne met 'n Duitse vader. Laasgenoemde bewering is reeds weerlê en daar was blykbaar ook meer vroue van Duitse herkoms as wat aanvanklik aangeneem is.

Nuwe bewyse van Duitse invloed kan ons miskien nog dwing om ons veronderstellings en gevolgtrekkings te wysig, maar dit lyk ons baie onwaarskynlik met die oog op die tyd van die aankoms van groot getalle Duitsers en van hulle verspreiding onder die bevolking

dat Mhd. woorde en vorme tot meer as 'n gelokaliseerde gebruik sfeer in Afr. kon deurgedring het. Wat t.o.v. Mnl. moontlik was, lyk in hierdie geval onmoontlik.

### c. Engels

Engels het, in teenstelling met Duits, sedert die begin van die vorige eeu in toenemende mate 'n belangrike rol as taal van die handel, nywerheid en mynwyse, van die politiek, regering en regspleging, van die onderwys, sport, sosiale lewe en verkeerswyse in Suid-Afrika gespeel. Talle lemmas in die onderhawige werk sal so 'n bewering bevestig, maar dit blyk nog oortuigender uit die feit dat Engels die enigste taal was wat vir 'n groot aantal ismes (met name Anglismes) in ons taal verantwoordelik was, 'n verskynsel waarvan die betekenis en omvang nouliks uit 'n etimologiese behandeling van woorde duidelik kan blyk. Gedurende die huidige eeu het Engels waarskynlik meer as tevore en as Ndl. as oordraer van woorde van "vreemde herkoms" (meer bepaald van 'n internasionale, neologistiese, tegniese en wetenskaplike aard) gedien.

Andersyds het Meng. en dialektiese Eng. woorde en woordvorme met die oog op die tyd van aankoms en nedersetting van Eng. immigrante in ons land nog minder kans as Mhd. taalmateriaal gehad om in Afr. binne te dring, behalwe miskien in die kringe van delwers en mynwerkers, ens. Die reaksie teen Eng. invloed kom later ter sprake.

### d. Frans

Ons kom nou tot die Romaanse tale. Wat Afrikaans betref, het hulle gesamentlik veral as skakels gedien tussen Ndl. en Eng. aan die een kant en die klassieke tale aan die ander. Daarby het Frans blykbaar die belangrikste rol gespeel, met Italiaans, Portugees en Spaans in hierdie volgorde.

Frans se regstreekse bydraes tot die Afr. woordeskat was gering en stam veral uit die tyd van die Franse Hugenote (end 17e eeu) en in enkele gevalle miskien ook uit die tyd van die Franse besetting van die Kaap (end 18e eeu). Die geringe regstreekse invloed en die talle verklarings wat, op enkele ondergeskikte besonderhede na, meestal juis is, maak 'n uitvoeriger behandeling daarvan hier oorbodig.

Die onregstreekse bydraes van Frans was baie omvangryker. Dit het in die eerste plek as belangrike skakel tussen die ander Romaanse (asook die klassieke) tale en die Wes-Germaanse tale gedien. Ondanks die verset van die 16e- en 17e-eeuse Ndl. puriste teen die invloed van Frans het dit destyds in die taal van Kompanjies-amptenare van Franse woorde gewemel (soos o.a. in Van Riebeeck se *Dagverhaal* weerspieël). Volgens Elzinga se Register by Salverda de Grave se monografie oor *De Franse Woorden in het Nederlands* bevat hierdie werk 'n ronde 12,000 woorde van Franse herkoms. As ons egter daarmee rekening hou dat talle woorde onder meer as een vorm aangeteken is en dat ander weer in Ndl. verouderd geraak

en selfs verdwyn het, dan bly daar moontlik naastenby 'n globale 10,000 oor. Hoewel Afr. om allerlei begryplike redes nie uit daardie hele voorraad kon geput het nie, het hy sy woorde van Franse herkoms, vir sover hy hulle nie via Eng. gekry het nie, oorwegend uit Ndl. geput. Hieruit het Afr. die een en ander bewaar wat in Ndl. verdring of tot die dialekte afgeskuif is. Enkele Franse woorde kom in Afr. net "dialekties" voor en ander is argaïsties, maar 'n groot massa het of nooit hier in gebruik gekom nie of het spoorloos (d.w.s. sonder dokumentering) verdwyn.

#### *e. Italiaans en Spaans*

Die regstreekse bydraes van Italiaans en Spaans tot die Afr. woordeskat was onbeduidend, maar onregstreeks het hulle saam met Frans en Portugees as skakels tussen verwante tale van Indië en Persië en die nie-verwante Arabies enersyds en die Wes-Europese tale andersyds gedien. Woorde van "vreemde herkoms" uit die twee Amerikas het Ndl. (en daardeur mettertyd ook Afr.) blykbaar groten-deels via Spaans en dié uit die Ooste via Portugees bereik. Sedert die 19e eeu het hulle Afr. in baie bevalle via Eng. binnegekom. Daarby moet egter onthou word dat diere, plante en die produkte daarvan oor en weer in- en uitgevoer is, met die gevolg dat hulle en hulle benamings dikwels langs 'n omweg Europa en uiteindelik ook Suid-Afrika bereik het (kyk o.a. by Hehn, Hoops en Lokotsch).

#### *f. Portugees*

Onder die Romaanse tale beklee Portugees in hierdie verband 'n besondere plek, hoewel sy invloed meestal (o.a. deur Hesseling, P. J. du Toit en Valkhoff) beslis oorskat is. Met die oorsese ekspansie van 17e-eeuse Ndl. in die Ooste het die invloed van Portugees in daardie geweste afgeneem. Port. het (soms in 'n met Maleis en ander Oosterse tale verbasterde vorm) veral in die toenmalige handels-, hawe- en slawetaal van die Ooste 'n rol gespeel (kyk veral by Boshoff en Bosman). Daarnaas het vorme van Indies-Nederlands in gebruik gekom (kyk o.a. by Prick v. Wely en Kalff se artikelreeks in NT. XIV.). Aan Maleis en/of Maleis-Portugees het Afr. 'n aantal woorde ontleen, maar onregstreeks ook ander via Ndl. of Ind.-Ndl. (as erfgoed) binnegekry, terwyl enkele woorde waarskynlik via Eng. en/of Ind.-Eng. ons bereik het (kyk o.a. Prick v. Wely en Hobson-Jobson). 'n Aantal van dié woorde het blykbaar nooit heeltemal in Afr. ingeburger geraak nie en het lankal weer daaruit verdwyn. Ander het verouderd geraak of is alleen gewestelik (veral in Kaapland) bekend. Italiaanse, Spaanse en Portugese vorme het in sommige gevalle so 'n mate van uiterlike ooreenkoms dat dit moeilik uit te maak is watter taal die laaste skakel in die ketting gevorm het. Gebrek aan noukeurige gegewens insake gebruik (argaïsties, dialekties, frekwensie), datering en herkoms (etimologies) maak dit voorasnog onmoontlik om presies te bereken watter persentasie as direkte en watter as indirekte ontlenings via Ndl. beskou moet word. Maar al sou ons almal wat in geskifte oor dié aangeleentheid te berde

gebring is, as Afr. ontlenings aan Port. en/of Mal.-Port. aanvaar, dan vorm hulle nog 'n baie onbeduidende persentasie van die Afr. woordeskat, terwyl bewysmateriaal op morfologiese gebied nog on-oortuigender is. Daarmee word nie ontken dat die regstreekse ontlenings beduidender as dié uit die ander Romaanse tale is nie. Ook die onregstreekse opnames kan nie 'n vergelyking met dié uit Frans via Ndl. deurstaan nie.

Sedert die polemieke van die voorafgaande dekades het die meeste Afr. taalkundiges van die jare dertig af onder die indruk verkeer dat die ou dwaalgees van Mal.-Port. al lank besweer was, maar hulle sou jare later ontdek dat ook Kloeke nie daarin geslaag het om hom in sy kramat ingekluister te hou nie en dat die ou paaiboelie nog sieal is en van tyd tot tyd, met of sonder die hulp van doepa en paljas, in lewende lywe opgeroep word.

### 3. Oosterse Tale

Met sommige van Voor-Indië se tale, veral met dié wat met Sanskrit verband hou, het ons Westerse tale talle woorde gemeen: dit verteenwoordig ons gemeenskaplike Indo-Germaanse erfenis. Daarvan het Afr. mettertyd ook sy erfporisie gekry, maar ook daarmee het ons, soos in die geval van die klassieke tale, spaarsaam gewerk.

In die loop van die eeue het die Westerse tale egter ook woorde ontleen wat vroeër blykbaar alleen by hulle Oosterse verwante in Voor-Indië en Persië tuisgehoort het. Baie daarvan het hulle weg na Wes-Europa gevind langs die omweg van nie-verwante tale (bv. Arabies) en ook van verwante tale (bv. die Romaanse en selfs die Slawiese tale) en het ons uiteindelik deur Nederlands en/of Engels bereik (kyk o.a. by Hobson-Jobson en Lokotsch). Dikwels het ook woorde van Arabiese en van Slawiese herkoms dié weg gevolg. Wat Afr. betref, is hulle dan meestal of erfgoed uit Ndl. of leengoed uit Eng.

'n Besondere plek moet in hierdie verband toegeken word aan 'n nie-verwante Oosterse taal, met name Maleis, waaruit woorde ons sowel regstreeks as onregstreeks bereik het, maar daarvoor is n.a.v. Portugees en Maleis-Portugees die nodige gesê.

### 4. Afrikatale

Gedurende sy wordingsgeskiedenis het Afr. in aanraking gekom met en woorde ontleen aan drie inboorlingtale uit Suidelike Afrika.

#### a. Hottentots

Die eerste sg. "inlandse" taal waarmee die blankes aan die Kaap van naderby kennis gemaak het, was Hottentots. Dit was (o.a. vanweë sy suig- of klikklanke) 'n moeilike taal vir die blankes om aan te leer en alleen enkellinge het blykbaar goed daarin geslaag. Talle reisigers wat die Kaap besoek het en ander persone wat korter of langer daar woonagtig was, het hulle sterk uitgelaat oor die (soms oordrewe) moeilikheid om iets van dié taal te verstaan en dit na te



praat. Die gebruik daarvan is verder bemoeilik deur die rondtrekkende gewoontes van die Hottentotte en deur onderlinge gewestelike verskille in hulle taal.

Andersyds het die Hottentotte blykbaar betreklik gou en maklik die taal van die blankes aangeleer en op die duur in baie gevalle hulle eie afgeleer. In die loop van die 18e eeu is hulle getalle deur pokke-epidemies uitgedun en het daar uiteindelik net reste van hulle taal oorgebly wat in die taal van die blankes 'n neerslag gevind het, veral in die name van die flora en fauna en van plekke in die betrokke geweste (kyk veral Nienaber se *Hottentots* en sy bydrae oor "Raakpunte met Hottentots" tot H. J. J. M. v.d. Merwe se *Studierigtings in die Taalkunde* van 1964).

Wat die destydse Kaapkolonie betref, is ons veral aangewys op lyste Hott. woorde van reisigers en ander. Merkwaaardig is nie alleen die aantal Hott. plekname nie, maar veral die vertaling daarvan en ook van die benamings vir ander dinge (kyk o.a. die hierbo aangehaalde artikel van Nienaber).

Van een Hott. dialek, met name Korana (miskien liever Kora), is ons, danksy die werk van Wuras, Bourquin, Engelbrecht, Meinhof en Maingard, beter op die hoogte. In Suidwes-Afrika is daar egter nog 'n vorm van Hottentots as die taal van 'n (betreklik beperkte) mensegemeenskap bewaar in Nama, wat as 'n soort "reliktaal" beskou kan word en in verband waarmee ons etlike grammatikas en woordeboeke besit (vgl. die Bronnelys). Daar en in Noordwes-Kaapland is nog allerlei "relikte" van Hottentotse herkoms dialekties in die taal van blanke Afrikaanssprekendes bewaar en in gebruik (vgl. WAT).

#### *b. Boesmans*

By die Hottentotte was daar nog 'n mate van stamsaamhorigheid, by die Boesmans daarenteë hoofsaaklik gesinsamhorigheid, soms 'n samewoning van gesinsgroepies en in enkele gevalle gemeenskappe wat as stammetjies beskou kon word. Hulle verspreide, meestal tydelike woonplekke, hulle geringe getalsterkte op plekke van bewoning en hulle lewenswyse (sonder landbou en/of veeteelt en derhalwe aangewys op roof van die vee van ander inwoners ter aanvulling van wild wat bekom kon word) het bestendige kontak met hulle uitgesluit en ontlening tot 'n minimum beperk.

Daarby het Boesmans met sy suigklanke dieselfde moeilikhede vir blankes opgelewer as Hottentots. Die verwantskap, al dan nie, van dié twee tale is hier nie ter sake nie. Miskien dien egter vermeld te word dat hulle saamgegroepeer word onder die benaming Khoisan (saamgestel uit die Nama se naam vir hulself, nl. Khoi-Khoi, en hulle naam vir die Boesmans, nl. San, in ou geskrifte soms as Sonqua/Sonkwa weergegee).

Woorde wat in Boesmans en ook in Afrikaans voorkom, is meestal ook in die een of ander vorm van Hottentots en in Nama te vind, en dit is moeilik om uit te maak of hulle aan Hottentots ontleen is of anderom.

In een opsig het hulle taal tog 'n belangrike uitwerking gehad. Hulle suigklanke het òf regstreeks òf onregstreeks deur Hottentots 'n invloed gehad op die Bantoetale wat ons onder die naam Nguni (met name Xhosa en Zulu) saamgroepeer (vgl. Lanham: "The Proliferation and Extension of Bantu Phonemic Systems influenced by Bushman and Hottentots"). In Afr. word ontlenings aan Hott. gewoonlik sonder suigklanke uitgespreek, maar dit is moontlik dat 'n klikklank tog spore nagelaat het in die een of ander Afr. ontlening aan Nguni, wat dit uit Boes./Hott. gekry het.

### c. *Bantoe*

Nouer aanraking met die Bantoetale begin eers na die middel van die 18e eeu, met Xhosa in die noordooste en met Tswana in die noordweste van die destydse Kaapkolonie. Sedert die eerste helfte van die 19e eeu is woorde in toenemende mate aan Xhosa ontleen, ten dele waarskynlik via Engels, o.a. vanweë die uittoeg van die Voortrekkers uit en die vestiging van Britse en ander setlaars in dié geweste. Daarna het Zulu in Natal belangrik geword, waarskynlik in ongeveer gelyke dele in en deur Afrikaans en Engels, veral op die platteland. In die Oranje-Vrystaat en Transvaal het Suid- en Noord-Sotho en Tswana tot diep in die 19e eeu 'n belangrike rol gespeel, maar diamante in die omgewing van Kimberley en goud op die Witwatersrand het groot getalle sprekers van ander Bantoetale as dié van die onmiddellike omgewings daarheen gelok en die ontleningsmoontlikhede gekompliseerder gemaak.

Die ontlenings aan die Bantoetale is in die meeste gevalle nouliks 'n eeu oud. Hulle is aan verskeie tale ontleen, gedeeltelik regstreeks en ten dele via Engels. Party is in Afrikaans ingeburger maar nog nie in Engels nie, en omgekeerd, terwyl sommige Bantoe woorde in albei tale in betreklik algemene gebruik is. Soms is dieselfde woord in verskillende vorme van die verskeie Bantoetale ontleen. Watter daarvan is die algemeenste in Afr. bekend? Watter het die hoogste frekwensie en waar? Watter daarvan kan al as ingeburger in Afrikaans beskou word en watter moet hier opgeneem word? Sulke vrae is makliker gestel as beantwoord.

In die geval van tale sonder 'n ou skriftelike tradisie is die beantwoording van die voorafgaande en dergelyke vrae vir die leksikograaf en veral vir die etimoloog dubbel moeilik. Sonder die voordele van 'n eeue-oue skriftelike tradisie bevind die etimoloog hom met gerekonstrueerde Bantoe stamme en -wortels (soos dié van Bourquin) in 'n onbenydenswaardiger posisie as die verteenwoordigers van die Historiese en Vergelykende Taalkunde van die vorige eeu, al sou hy in beginsel van hulle gerekonstrueerde stamme en wortels ook maar spaarsame gebruik wil maak. Hulle sou hom egter miskien leiding kon gee om identiteit van herkoms vas te stel en op grond daarvan te bepaal wat om op te neem, al dan nie, want daarvoor gaan dit o.a. hier. Ontlenings aan Bantoe sal waarskynlik nog toeneem en die etimoloog se taak nog moeiliker maak.

## 5. Samevatting

Hier word by wyse van samevatting van die voorgaande enkele stellings gemaak wat kortliks gemotiveer en toegelig sal word.

a. In die 17e eeu, meer bepaald die tweede helfte daarvan, was daar aan die Kaap feitlik net *een* taal en dié was Nederlands, later beter bekend as Hollands of Hooghollands.

Die Kaapse blanke gemeenskap was teen wil en dank 'n Nederlandse nedersetting en stigting en sy amptelike taal was Nederlands.

Min blankes kon Hottentots verstaan, laat staan praat of skrywe. Andersyds kon talle Hottentotte hulle reeds in gebroke vorme van Nederlands verstaanbaar maak. As kommunikasie-middel onder blankes of tussen blankes en nie-blankes het Hottentots geen "status" gehad nie.

Wat Frans betref, kan hier volstaan word met die samevatting wat in 1921 (in *Volk en Taal van Suid-Afrika*, bl. 399) na sorgvuldige oorweging van al die geboekstaafde feite en die polemieke na aanleiding daarvan gegee is, nl.: "Die taalhistorikus kan die hele polemieke, sowel as die gronde daarvoor, links laat lê en heeltemal "sans rancune" wetenskaplik konstateer, dat die Franse taal in Suid-Afrika geleidelik verdwyn het, en van die begin van die 18e eeu af weinig invloed meer op die wording van Afrik. kon gehad het".

Die inlêerloot (waarvan hierbo reeds sprake was en wat later Afr. sou word) het egter al in nuwe "aarde" en in 'n ander "klimaat" tereggekome en die eerste lewenstekens begin openbaar, maar kon nouliks op die destydse ontwikkelingstrap 'n "taal" genoem word.

b. In die 18e eeu was daar aan die Kaap *twee* tale, Nederlands (of Hollands) en Afrikaans: die eerste het nog bewaar gebly; die tweede het geleidelik tot selfstandigheid ontwikkel.

Nederlands het as skriftelike kommunikasie-middel (veral in die kerk en die skool en van owerheidsweë) nog in gebruik gebly, maar reeds die kwale van die ouderdom begin toon. Sy mondelinge gebruik, veral op die platteland, het duideliker tekens van verval begin toon.

Afrikaans het weliswaar nòg in 'n geskrewe vorm nòg in sy reeds gesproke vorm 'n amptelike status of selfs erkenning van sy bestaan geniet. Die inlêerloot moes grootword in die skaduwee van die moederplant wat hom in die meeste van sy geboekstaafde verskyningsvorme oorskadu of andersins gekamoeleer het. Maar hy het, weer eens veral op die platteland, as spreektaal aan die groei gebly en teen die einde van die eeu al so dikwels en in so 'n mate deur die hiate in die Hollandse skriftelike "pogings" kom loer dat sy selfstandige bestaan nie meer te misken was nie. Vroeg in die volgende eeu (1816) gee Latrobe dan ook reeds 'n mooi aanduiding daarvan: "Gnadenhal Dutch . . . a very convenient variety of that ancient language (nl. Hollands), and much to be

recommended . . . a most desirable medium of conveying ideas.” (TWK VI 4). Uit Burchell en Lichtenstein se mededelings blyk dat daar al voor 1816 ’n bepaalde naam aan dié taal gegee is (vgl. Nienaber: *Taalkundige Belangstelling in Afrikaans* (8 en vlg.).

c. In die 19e eeu was daar aan die Kaap, maar na die middel van dié eeu ook in die Boererepublieke ten noorde van die Oranjerivier, drie tale: Hollands, Afrikaans en Engels.

Ondanks die amptelike handhawing van geskrewe Hollands, in die Republieke spontaner, stewiger en simpatieker as in die Kaapkolonie, die gebruik daarvan in die kerk en by die huisgodsdienste en die feit dat die joernalistiek in so ’n taalvorm in die loop van die eeu oor die hele gebied as ’n addisionele steun bygekome het, het Hollands al meer en meer ’n kwynende bestaan gevoer, omdat dit sedert die 17e eeu nie meer tot die daaglikse omgangs- en spreektaal van die breë lae van die blanke bevolking behoort het nie. Op hierdie gebruikgebied is dit al meer en meer deur Afrikaans verdring wat sedert 1875 ernstig aan die deur begin klop het om openbare erkenning, ook as skriftelike kommunikasie-middel.

Intussen het Engels vanweë sy bevoorregte posisie in die Kaapkolonie en in Natal en ten gevolge van ’n doelbewuste angliseringsproses wat veral van die Kaap uit op allerlei gebiede tot in die Republieke gepropageer is, ’n sterker houvas gekry as wat die getalsterkte van die Engelssprekendes sou laat vermoed het. Kensketsend van die ontwikkelingsgang is o.a. dat Changuion teen die middel van die eeu (1844) nog “De Nederduitsche Taal in Zuid-Afrika” wou herstel, terwyl J. Brill (1875) in Afrikaans gesien het “Een Hollandsch, dat eenvoudigheidshalve de grammatische vormen die nog aan de moedertaal eigen waren, heeft afgeschafft . . . en ten slotte geheel verloren heeft” (vgl. Nienaber: *Oor Afrikaans*, I, 103). Andersyds net so tekenend t.o.v. die tydgenootlike oordeel oor die taalsituasie was lord Henry de Villiers se voorspelling (1876) dat nóg Hollands nóg Afrikaans ’n “toekoms” in Suid-Afrika het en dat alleen met Engels iets bereik sou word (vgl. E. C. Pienaar: *Die Triomf van Afrikaans*, bl. 134).

d. Met Hollands is die verband sedert die vroegste dae van ons eie taalgeskiedenis nooit heeltemal verbreek nie (vgl. o.a. Scholtz, veral: *Die Afrikaner en sy Taal; Ndl. Invloed op die Afr. Woordeskat en Taalhistoriese Opstelle*).

Sonder om in te veel besonderhede in te gaan wat in haas alle handleidings oor die geskiedenis van ons taal en letterkunde te vind is, kan volstaan word met vermelding van die feit dat tot vandag toe alle hoërskoolleerlinge wat Afrikaans as eerste amptelike taal kies, ten minste ’n paar “voorgeskrewe” boeke in Hollands moet lees. In alle Afrikaanskursusse aan ons universiteite word Afrikaans aan die taal- en/of aan die letterkundige kant aan Nederlands gekoppel. Daarom het Afrikaans drie eeue lank nog altyd ’n vorm van Nederlands gebly, al wil verstokte ouderwetsheid soms nog “foutiewe” Nederlands daarin sien.

Intussen klop 'n vierde taal of liever 'n taalgroep in ons veelrassige en veeltalige land, met name Bantoe, om meer erkenning aan die deur. Die verlede het ons egter geleer om ons nie op hierdie gebied aan voorspellings te waag nie.

e. Die “ontstaan”, “herkoms” en “groei” van Afrikaans het geen verklaringsteorieë nodig nie.

Nuwe tale ontstaan nie in 'n dag, 'n dekade of etlike dekades nie. As ons iets te dien effekte wil betoog, moet ons allerlei verontskuldigings i.v.m. die ontwikkelingstempo bedink en vormingsfaktore versin wat as 'n *deus ex machina* in die stryd gewerp kan word. Al wat nodig is, is om oor 'n tydperk van meer as drie eeue die spore van ons taal etimologies, leksikografies, morfologies, sintakties, ens., geduldig en kalm te volg en 'n geheelbeeld daarvan te probeer gee.

## 6. Soorte Woorde

In die voorgaande (meer bepaald in IV, 1–5) is die aandag toegespits op die tale en taalgroepe wat by wyse van erfgoed en/of regstreekse of onregstreekse leengoed tot die inhoud van die Afr. woordeskat bygedra het.

Hier gaan dit om die soorte woorde (nie woordsoorte of rededele nie) uit ons woordeskat wat om die een of ander rede vir opname in hierdie werk kwalifiseer, want uit ons doelstelling (in III) het reeds geblyk dat 'n keuse onvermydelik is. Dit is begryplikerwyse onmoontlik om die opname van elke trefwoord te motiveer en derhalwe kan hier slegs in breë trekke aanduidings gegee word van soorte woorde wat in aanmerking geneem is. Dit sal dadelik opval dat die redes vir opname t.o.v. erf- en eiegoed enersyds en van leengoed andersyds uiteraard meestal verskillend sal wees.

### a. Erf- en Eiegoed

Sowel erf- en eiegoed as leengoed toon volksetimologiese en analogiese aanpassings, en by albei groepe moet met die ouderdom van woorde rekening gehou word.

Die erfgoed is oorwegend van Ndl. herkoms, maar na sy afskeiding het Afr. nog woorde aan of deur Ndl. (meer bepaald Nnl.) ontleen. Ook gevalle van die omgekeerde het voorgekom: so het Ndl. blykbaar in die 17e eeu al uit Suid-Afrika *hottentot* (“hakke-laar”) ingevoer en nie daarheen uitgevoer nie.

Slegs enkele oorwegings t.o.v. opname, al dan nie, kan hier genoem en met 'n paar voorbeelde toegelig word.

- i. 'n Oorgeërfde Afr. woord moet in vergelyking met sy Ndl. ekwivalent deur “iets anders, iets afwykend” gekenmerk word. Dit kan bv. 'n fonetiese (soos o.a. in: *moeg*, *steeks*, *toor*, *vrattjie*), 'n semantiese (soos o.a. in: *baken*, *bok*, *geit* (“nōientjie”), *klip*) of 'n funksionele (soos o.a. in: *honger*, *jammer*, *skuld*, *tolk*) verskil wees wat die deurslag gee. Selfs verskil in beklemtoning en spelling kan 'n verklaring vereis.



- ii. Woorde wat deur klankontwikkeling in Afr. homonieme of homofone geword het en dit in Ndl. nie was of is nie (wel miskien in dialekte), soos *elf* (telwoord) en *elf* (visnaam) en *faal* ("in gebreke bly") en *vaal* (kleuraanduiding), verdien besondere oorweging vir opname. Maar daar is grensgevalle. So is *seel* (in *doopseel*) en *seël* (in *posseël*) nóg homonieme nóg homofone, vir sover spelling 'n aanduiding van uitspraak is. *Ryer* en *reier* kwalifiseer vir opname as homofone, maar laasgenoemde het 'n besondere aanspraak vanweë sy verband met *agretjie* en *egret*.
- iii. Daar is talryke Afr. wisselvorme wat teëhangers in Ndl. en/of sy dialekte het en sommige dialektiese vorme was in 17e-eeuse Ndl. nog "bo-dialekties". Sommige daarvan het in Afr. tot doeblette ontwikkel, bv. *braaf* - *bra*, *dadelik* — *dalk*; ander staan op die randjie daarvan, bv. *groos* — *groots*, *kwes* — *kwets*, *rand* — *rant*, *vallei* — *vlei*. In sulke gevalle sal opname of weglating nouliks alle gebruikers bevredig.
- iv. Dan is daar allerlei soorte "relikte" in Afr. So word *ladder* bv. as 'n Ingwaeonisme (d.w.s. vorm uit 'n vermeende ou kusdialek) beskou, maar in Afr. is dit in die jongste tyd weer as musiekterm (bv. in *toonladder*) ingevoer en in dié sin feitlik 'n neologisme.

Ndl. bevat andersyds uit sy eie hedendaagse dialekte "relikte" wat nog springlewendig in Afr. is (bv. vorme met *oe* teenoor AB *ui*). Daar moet nie uit die oog verloor word nie dat wat normaalweg by een dialek tuishoort, by 'n ander 'n "relik" kan wees. Sommige geleerdes neem bv. aan dat die (gedurende die vroeë Middeleeue bekende) *litus Saxonicum* o.a. ook die Secuse eilande ingesluit het en dat kontingente Saksers van daar na Brittanje oorgesteek het. Dit sou dan kan verklaar dat wat tipies Saksies van streke langs die Duitse grens (bv. die *oe* in woorde soos *loesing*) is, as "relikte" in Secus bewaar gebly het — vandaar taalgeleerdes se verskil in "toe-eining" van sulke woorde aan 'n bepaalde dialektgebied. Woorde van sodanige herkoms het 'n sterk aanspraak op opname.

- v. Die meeste etimologiese woordeboeke behandel samestellings, affeïdende samestellings, samekoppeling en affeïdings alleen waar daar besondere redes voor bestaan. Uit die een en ander volg dat 'n Afr. werk van dié aard in die huidige stadium nouliks 'n troue weerspieëling van die Ndl. bestanddele in ons taal (veral van neologiese komposita) kan gee. Ook in verband daarmee moes ons selektief te werk gaan. Hoewel Ndl. bv. net *fokvee* ken, sou *aanteeljee* vir iedereen "deursigtig" wees en *agterossambok* net so 'n normale samestelling as *achterpaardtuig* vir 'n Nederlandssprekende, mits hom elders s.v. *sambok* vertel word wat *dit* is. Samestellings soos *agtersten*

en *waenhuis* verdien daarenteë wel opname vanweë hulle vorm, en ander soos *agtertang*, *maerman* en *peperkorrel* (“gekroesde kophaarkorrel by bepaalde tipes nie-blankes”) uit hoofde van hulle betekenis. Soos *aanteelvec* kan *asgat* (“gat vir as”) agterweë bly, maar *asgat* (“niksnuts”) vanweë sy betekenis en sy assosiasie met die verder gekamoefleerde *asjas* nie.

Ook die vormingswyse van komposita kan vir die keuse beslissend wees. So lyk *maltrap* bv. op die oog af na ’n gewone Afr. kompositum, maar daar is goeie redes om aan die egtheid van sy “stamboom” te twyfel, en dan moet sy “herkoms” ondersoek word.

- vi. Enkele woorde behoort voldoende te wees om in die algemeen en wel aan die negatiewe kant te verduidelik waarom ’n groot aantal woorde wat wel in Ndl. etimologiese woordeboeke behandel word, hier agterweë moet bly. Daar is o.a. Ndl. woorde wat nie in Afr. bestaan nie, want Preller se vergelyking: “Afrikaans = Nederlands + Afrikaans” is ten ene male onjuis. Daarby is daar talle woorde waarby daar te min “verskil” tussen Ndl. en Afr. is om vir opname te kwalifiseer. Dan is daar nog ’n oorskot waarvan die verwantskap met “familielede” uit die Wes-Germaanse groep oorbekend is of maklik in beskikbare klein sakwoordeboekies nagespeur kan word en derhalwe hier voorlopig agterweë kan bly.

Maar dikwels moes sulke “eenvoudige” woorde tog opgeneem word, o.a. omdat hulle in Afr. in komposita optree waarvan die komponente en die aard van hulle verhouding ’n verklaring vereis. Meermale het geblyk dat ’n woord wat oënskynlik uit “eenvoudige” Afr. elemente bestaan, moontlik ’n “vreemde” komponent bevat (vgl. bv. *witgatboom*).

- vii. Andersyds word talle samegestelde volksname van plante en diere, met vermelding van sinonieme, genoem, omdat die een of ander sinoniem miskien lig kan werp op ’n onverklaarde benaming van die betrokke voorwerp. So het *aasvoëlbesse* waarskynlik ’n leidraad verstrek vir die verklaring van die “vreemdklinkende” *opgeitjie*. Daar is etlike ander dergelike gevalle, miskien meer as wat ons vermoed. Uit die groot rykdom aan volksname (veral van plante) moes ons noodwendig ’n keuse doen. Daarby het ons o.a. rekening gehou met volksname wat minder deursigtige sinonieme het en wat ons deur vergelyking moontlik op die spoor van die herkoms van die “vreemdelinge” kan bring.

Die keuse van woorde vir opname lyk wel willekeurig, maar daar was meestal ’n rede wat die deurslag gegee het. Maar ons maak ons geen illusies dat ons alle gebruikers van hierdie werk ten opsigte van die trefwoorde tevrede sal stel nie.



## b. Leengoed

Ons het reeds daarop gewys dat leengoed soms soortgelyke vraagstukke as erf- en eiegoed oplewer, maar daar is ook eiesoortige probleme.

- i. Die eerste vraag wat hom voordoen, is of 'n leenwoord via Ndl. of via Eng. of regstreeks aan 'n vreemde taal ontleen is. Dit geld veral t.o.v. baie, min of meer internasionale, neologistiese en tegniese terme. Wat in die tale van Wes-Europa, Engeland en Amerika voorkom, is vir ons doel in 'n mate "internasionaal".
- ii. Daar is in hierdie verband egter 'n oorweging van groot belang wat dadelik die aandag verdien. Vroeër het woorde van "vreemde herkoms" langamer as vandag langs karavaanpaaie deur woestyne en oor seeroetes met seilskepe van land tot land voortgeskry, dikwels in geselskap van die "dinge" waarvoor hulle die benamings was. Nou word in een nag 'n gevaarte die hemelruim ingeslinger vir almal om te sien, en die volgende môre verneem miljoene mense oor die hele aardbol dat dit glo in Russies 'n *spoetnik* genoem word — internasionalisering oornag: deur die radio bewerkstellig. Ons sal derhalwe ons begrippe omtrent "vreemde herkoms", "leengoed", "internasionale gebruik" en "neologismes" moet hersien.
- iii. Ook die beantwoording van die vraag of 'n bepaalde woord reeds in Afr. bestaan, word deur die uitwerking van die hedendaagse kommunikasiemiddele bemoeilik. Wat is bv. sy frekwensie in berigte uit die pers of oor die radio? Hoe moet ons sy ingeburgerdheid anders as aan die hand van sy aangepastheid by ons klankstelsel beoordeel? Maar hy is al dadelik deur die radio-omroeper na sy vermoë aangepas en dit word deur elke heruitsending verder bestendig.
- iv. Die voorgaande gee aanleiding tot verdere vrae. Hoe lank sal Nederlandismes in ons persberigte, letterkunde, vakliteratuur en woordeboeke nog Nederlandismes bly? Sal Afr. leengoed wat nog dialekties beperk is (d.w.s. tot bepaalde beroepe en/of streke), deur literêre werke met 'n "lokale kleur" bevorder of deur ons kommunikasiemiddele teruggedring word? Wat moet hier opgeneem word en wat nie?
- v. Wat Eng. betref, kom ons woorde teë soos *bottlestore*, wat blykbaar nie in Engeland bekend is nie. In die geskrewe en goed versorgde gesproke taal heet dit in Afr. meestal *drankwinkel*, maar in minder puristiese taalgebruik is *bottelstoor* gewoon. Beslissings omtrent opname, al dan nie, en omtrent die vorm waarin dit by opname moet geskied, is dikwels uiters moeilik.
- vi. Betreklik algemeen bekende Bantonaam vir inheemse diere en plante, in verband met gewoontes, klere drag en lewenswyse

van die Bantoe, woorde wat nouliks 'n verklaring verdien in Afr. verhale soos dié van Franz en Schoeman en dan ook in persberigte voorkom, het voorasnog seker sterker aanspraak op opname as meer vakkundige terme in etnologiese en sosiologiese geskrifte. In enkele gevalle (soos miskien in (*laat spaander*) het ons moontlik al met terugontlening uit die taal van Afrikaanssprekende Bantoe te doen.

- vii. Ook in hierdie verband is die posisie van Maleis-Portugees in 'n mate eiesoortig. Hier moet onderskei word tussen erfgoed uit en later leengoed via Ndl. aan die een kant en regstreekse ontlenings andersyds. Verder moet rekening gehou word met Portugees, Maleis en Maleis-Portugees, ten slotte met wat nog algemeen bekend is, wat alleen dialekties voorkom en wat blykbaar nooit ingeburger geraak het nie of deur veroudering weer verdwyn het. Aangesien woorde van hierdie aard meermale in ou geskrifte, meer bepaald verhale van bekende reisigers en ander dergelike bronne, voorkom en ook in die verhandelinge oor die ontstaan van Afr. so 'n prominente rol gespeel het, het ons na verhouding baie ruimte aan hulle afgestaan.
- viii. Die Bantoeleenwoorde is meestal jonk (die meeste nouliks honderd jaar oud); die Hottentotse leengoed daarenteë betreklik oud. Die invloed van albei groepe inboorlingtale is in 'n mate aan streke gebonde: dié van Hottentots behoort grotendeels tot die verlede; dié van Bantoe het moontlikhede waaroor die toekoms sal beslis.

Die etimoloog moet, soms moontlik op 'n enigszins willekeurige wyse, beslis wat die deurslag tot opname of afwysing moet gee. In verreweg die meeste gevalle sal die gebruiker uit die etimologieë self (in die lig van die voorafgaande opmerkings) moet aflei wat die oorweging ten gunste van opname waarskynlik was. Weglating kan òf opsetlik òf toevallig wees: daar bly oorgenoeg vir ander na ons oor.

## V. Bronne

Soos die trefwoorde (vgl. IV, 6 hierbo) ten slotte self uitsluitel moet gee oor wat hier as lemmas behandel word, al dan nie, moet die inligting oor die geraadpleegde bronne hier verantwoording doen i.v.m. die aard en waarde van dié bronne. Ons kan hulle in twee hoofgroepe indeel, nl. Primêre en Sekondêre Bronne.

### 1. Primêre Bronne

Hiertoe behoort o.a. briewe, dagboeke, reisverhale, volksboeke en versamelinge daarvan (soos dié van Saegman), meer bepaald dié wat sonder taal- en/of letterkundige pretensies geskryf is en veral ter plaatse en ten tyde van die waarneming en skriftelike dokumentering. Daarby kom informele en nie-amptelike argiefstukke, terwyl amptelik-formele argivale bronne en selfs literêre werke (prosa en poësie)

ook waarde kan hê namate hulle min of meer onopsetlik, spontaan of toevallig taalkundige mededelings bevat. Bronne is, kortweg, primêr namate hulle ons onge kondisioneerde en onopsetlike momentopnames van gebruiksgevalle in die betrokke taal besorg.

Die reisverhale en ander bydraes van reisigers in ons land en die argiefstukke, ens., uit die vroeë dae (veral uit die 18e eeu) is al, o.a. met die oog op die herkoms van Afr. woorde (in chronologiese volgorde) gefynkam deur Hesseling, P. J. du Toit, Bosman, Boshoff, Franken, L. C. van Oordt, Scholtz en G. S. Nienaber, deur die een meer uit boeke en deur die ander uit argivalia. Daaruit het al baie nuttige gegewens te voorskyn gekom, maar daar ontbreek nog heelwat. Dit moet betreur word dat bv. Van Riebeeck se *Caepsen hoveniers almanak* waarna sowel Godée Molsbergen in sy biografie van *De Stichter van Hollands Zuid-Afrika* (146 vlg.) as Franken in sy *Taalhistoriese Bydraes* (166, No. 16) verwys, blykbaar nog nie gepubliseer is nie. Jammer ook dat daar destyds nie meer plantkundiges met Burmannus en Thunberg se belangstelling in en kennis van die flora van ons land was nie (soos dié van Dodonaeus vroeër al vir die plante van sy wêreld of van Rumphius later vir dié van die Ooste) en nie meer dierkundiges met Le Vaillant se geesdrif omtrent die voëls van Suid-Afrika nie. As Sparrman ons meer omtrent meer diere en Borchers ons later meer omtrent kinderspeletjies meegedeel het, sou Afr. taalkundiges vandag moontlik minder moeilikhede met die herkoms van woorde soos *dolos*, *ietermago* en *kennetjie* gehad het.

Waar soveel verlangde inligting ontbreek, waardeur ons des te meer wat die segsmanne uit daardie tyd vir ons te boek gestel het, soos bv. Mentzel se mededelings omtrent die gebruik van die woord *hanepoot(druive)* en van die vorm *ons* as nominatief meervoud van die persoonlike voornaamwoord van die eerste persoon, al moet ons krities teenoor albei uitlatings staan. Van belang is bv. nie alleen dat *ons* reeds voor die end van die 17e eeu as nom. in die taal van nie-blankes gebruik is nie, maar ook dat dié gebruik (volgens die getuienis van Mentzel) in die tweede helfte van die agtiende eeu blykbaar nog nie algemeen deur blankes aanvaar is nie. Weer eens blyk uit 'n belangrike Afrikaanse afwyking van die Nederlandse standaard dat dit geleidelik, d.w.s. betreklik normaalweg, verloop het en nie plotseling deurgevoer is nie. Die betrokke gebruik van *ons* kan nie sonder meer as 'n bewys van die vroeë ontstaan van Afrikaans aangevoer word nie.

Reeds voor die end van die 16e eeu het ons 'n baie waardevolle primêre bron in J. H. (van) Linschoten se *Itinerario* wat die geboorte van Indies-Nederlands en van die sg. Ndl. "kolonialismes" in die vooruitsig stel. Daaruit en uit H. Houwens Post se artikelreeks (in NT 55, 3 en 6 en 56, 2 en 3) oor die "Lusitanismen" daarin kry ons 'n beeld van wat ons in die 17e eeu kan verwag.

Uit iets meer as 'n halwe eeu later het ons stellig die waardevolste primêre bron in Van Riebeeck se *Dagverhaal*. WNT haal dikwels daaruit aan, terwyl die uitgawes van die Haagse teks deur Brill en

deur Bosman en Thom taalkundige toeligtig verstrekk wat deur Van der Merwe aangevul word in sy publikasie van fragmente uit die Kaapse teks. Daarby het Kloeke in sy *Herkomst en Groei van het Afrikaans* 'n belangrike bydrae oor die taal van hierdie bron gelewer, al oorskak hy miskien die invloed van Van Riebeeck c.s. se taal op die ontstaan van Afrikaans.

Hieronder word met enkele toeligtende voorbeelde aangedui watter waarde sulke primêre bronne, meer bepaald die *Dagverhaal* en ander dergelyke geskrifte, veral vir die etimoloog het.

a. Die spelling van woorde wat vir die outeurs "vreemd" is, word gewoonlik by die ortografie van hulle eie taal aangepas. Uit 'n vergelyking van verskillende skrywers se skryfwyses van wat blykbaar dieselfde woord is, kan meermale blyk watter klank (uitspraak) hulle waarskynlik bedoel het om weer te gee (vgl. bv. die Dui.se *u*, die Franse *ou* en die Afrikaanse *oe* in bepaalde posisies). Ons dink hier bv. aan Van Riebeeck se (*ge*)*soubat* wat in Afr. as *soebat* gespel en uitgespreek word.

b. Selfs die foute, inkonsekwensies en vergissings van die skrywers, asook die normalisering van hulle skryfwyse deur persklaarmakers en uitgewers (vgl. die geval van hierdie *Dagverhaal*) kan waarde hê. Dat Van Riebeeck bv. meestal *vleis* of *vleys* skryf, bewys miskien dat dié vorm destyds nog nie as "dialekties" of as "minderwaardig" in vergelyking met *vlees* beskou is nie. Dat hy gewoonlik *vra(c)k* i.p.v. *wrak* skryf, dui moontlik daarop dat die "anlautende" *v* wat ons in bepaalde woorde i.p.v. *w* voor *r* kry (bv. in *vrank*, *vratjie*, *vroetel*) destyds reeds in Ndl. of in sy dialekte gebruiklik was. Dat hy naas *taba(c)k* etlike male *toeba(c)k* of *toba(c)k* skryf, werp lig op ons vorm *twak*. Selfs sy inkonsekwensie om in April 1652 *rhinoceros* en in Oktober van dieselfde jaar *renosters* te skrywe, maar dan weer in 1653 *renocheros*, *renoscheros* en *reynosters*, is leersaam. Daar is nog talle sulke gevalle.

c. Ook vir die "betekenis" van woorde kan sulke geskrifte belangrik wees. Tot drie maal toe ag Van Riebeeck dit bv. nodig om sy leser(s) omtrent 'n enkele geval in te lig. Op 22.9.1657 skryf hy i.v.m. *gesoubat* "welck indiaens woort hij verstaect ende tot Bantam . . . geleert heeft". Op 7.7.1658 lees ons weer: "Doman jockt en soebat (willende seggen: vleyt) u . . .", terwyl hy Eva op 26.8.1658 laat vertel dat Herry haar as "een soubaster ofte flickfloyster uytgeschelt" het.

Ook geleidelike semantiese verskuiwings kom in die *Dagverhaal* aan die lig. Vir Van Riebeeck was *crael* (of *kraal*) blykbaar van die begin af 'n bekende woord, want hy ag geen toeligtig daarby vir sy lesers in Nederland (Here XVII) nodig nie. Maar hy gebruik dit aanvanklik feitlik oral in die "betekenis" wat dié woord in Port. *curral* gehad het, nl. "'n met klippe, pale of takke ingesluite plek of ruimte vir vee". Dan kom daar later een plek na die ander voor waar vertel word van inboorlinge wat hulle vee snags beskerm



deur 'n kring van omringende woonhutte. Daarin lê dan die aanleiding daartoe om *kraal* ook in die "betekenis" van "groep inboorlinghutte" te gebruik.

Nog 'n voorbeeld uit byna twee eeue later. As Trigardt oor Strydom se "vloeken en swetsen" in sy *Dagboek* 'n aantekening maak, dan is dit duidelik dat hy onder *swetsen* iets anders as Ndl. *zwetsen*, d.w.s. "grootpraat", verstaan.

d. Primêre bronne het dikwels 'n besondere waarde vir die vasstelling van die bekendheid en ouderdom van woorde waaromtrent ons geen ander bevredigende gebruiks- en dateringsgegewens beskikbaar het nie (vgl. die gevalle *soebat* en *kraal* by Van Riebeeck).

Ons kan veronderstel dat skrywers gewoonlik verwag om deur hulle lesers verstaan te word, veral as hulle vir 'n groot leserspubliek skrywe en nie vir 'n beperkte groepie uitgelese vakmanne nie. As hulle 'n gevoel het dat 'n bepaalde woord nie algemeen bekend is nie, dat daar m.a.w. "iets vreemds" aan kleef, het hulle verskeie middele (waarvan hulle dan ook dikwels gebruik maak) om hulle doel duidelik te maak. Hulle kan so 'n woord skryf op die manier van die taal waaraan hy ontleen is, sodat hy die "vreemdigheid" in sy voorkoms kan toon en die leser as 't ware kan uitnoui om nadere ondersoek omtrent sy herkoms te doen. 'n Ander prosedure is om so 'n woord tussen aanhalingstekens te plaas of te onderstreep (waarmee gewoonlik vir die drukker aangedui word dat dit kursief gedruk moet word). Soms word daar 'n sinoniem, 'n vertaling, 'n verklaring of 'n opmerking by die sg. "vreemde" woord gevoeg om bo alle twyfel te verduidelik wat bedoel word (vgl. Van Riebeeck se behandeling van *soebat/soubat* in c. hierbo).

As 'n skrywer egter nie een van hierdie middele ter verduideliking vir 'n algemene leserspubliek aanwend nie, kan ons seker in die meeste gevalle aanneem dat hy tereg veronderstel het dat die betrokke woord taamlik algemeen bekend is. Die vroegste gebruik daarvan sal dan begrypklarerwyse nog 'n tyd verder terug gedateer moet word. WNT se oudste bewysplekke vir *kraal* en *soebat* is dié uit Van Riebeeck (hierbo aangehaal), maar sy gebruik daarvan maak dit moontlik om te onderskei tussen 'n destydse neologisme (*soebatten*) en 'n ouer ontlening aan Port. (*kraal*) wat kort na die middel van die eeu reeds 'n semantiese verskuiwing toon.

## 2. Sekondêre Bronne

Hiertoe behoort in die eerste plek woordeboeke wat etimologieë aangee, maar ook gewone verklarende en vertalende woordeboeke en spreekwoordeboeke moet dikwels met die oog op betekenis, funksies, idiomatiese gebruik, ens., nageslaan word. Ook grammatikas, uitspraakwoordeboeke, werke oor woordvorming en sintaksis en naslaanwerke oor die eksterne geskiedenis van tale en hulle ont-

lenings aan ander tale moet geraadpleeg word. Hulle kan almal sekondêr genoem word in die sin dat hulle hul stof aan ander soortgelyke en/of aan primêre bronne (soos Dapper e.a. se versamelwerke) ontleen het.

Hieronder ressorteer vandag 'n aantal bekende standaardwerke i.v.m. die tale wat vir ons doel van groot belang is: die Germaanse, die Romaanse, die klassieke tale en Sanskrit met sy verwante. In verband met ander (veral nie-verwante) tale en taalgroepe is die beskikbare gegewens soms skraler. Wat bestaan en geraadpleeg kon word, sal in die **Bronnelys** hierby gevind word.

Die sekondêre bronne hou vir die etimoloog veral die voordeel in dat hulle hom ontsettend baie tyd bespaar wat hy anders sou moes bestee aan tydrowende navorsing in primêre bronne, hoewel hulle self nog baie tyd in beslag neem vanweë die noodsaaklikheid om hulle uitkomst met mekaar te vergelyk, en andersyds vir die etimoloog gevare inhou wat hieronder ter sprake sal kom.

Ons het hier en daar reeds terloops op tekortkomings in ons sekondêre bronne gewys, o.a. op die feit dat WNT nog nie voltooi is nie, dat gegewens omtrent die taal van die oorgangstydperk tussen Mnl. en Nnl. soms skraal is, dat besonderhede omtrent die ingewikkelde toestand aan weerskante van die Duits-Nederlandse grens onvoldoende is of ontbreek, dat 'n aantal werke oor die Ndl. dialekte verouderd is, dat hulle ons i.v.m. die beoordeling van "relikte" soms in die steek laat en dat Afr. woorde waaromtrent ons goeie redes het om te vermoed dat hulle in Ndl. of sy dialekte bestaan het of nog bestaan, nie daarin te vind is nie. As 'n gedokumenteerde taalgegewe is 'n relik belangrik en soms waardevol; as 'n rekonstruksie is dit riskant en soms waardeloos. Daarom is Kiliaen se bydraes, sowel t.a.v. wat hy *vetus* noem of as "dialekties" aandui, vir ons des te waardevoller, al moet ons Jacobs en Kluyver se monografieë as kontrolemiddele daarby gebruik en sy uitsprake soms in ander gevalle bevraagteken. Desondanks bly Kiliaen vir ons een van die waardevolste sekondêre bronne t.a.v. die Ndl. van die 16e-17e eeu en is sy bydraes te vergelyk met dié van (Van) Linschoten en Van Riebeeck se primêre bronne. Tussen Mnl. en Nnl. vorm Kiliaen, (Van) Linschoten en Van Riebeeck vir ons besonder belangrike en waardevolle skakels.

Nou moet ten slotte nog kortliks gewys word op enkele besondere gevare wat sekondêre bronne vir die etimoloog inhou.

a. Die werk van voorgangers kan misleidend wees deurdat daar inligting ontbreek wat (sonder dat die hedendaagse raadpleger dit weet) tydens die samestelling van hulle etimologiese bydraes nog nie beskikbaar of maklik bekombaar was nie. So was bv. die belangrike inhoud van die *Dagh-Register gehouden int Casteel Batavia* en van De Haan se *Priangan* aanvanklik blykbaar nie maklik bekombaar vir die samestellers van die eerste dele van WNT nie, want anders begryp 'n mens moeilik waarom daar in die begin nie meer dikwels gebruik daarvan gemaak is nie.

Wat die eerste dele van WNT betref, gaan dit o.a. om die nie-besikbaarheid van gegewens i.v.m. woorde van Oosterse herkoms. Colenbrander se uitgawe van die *Dagh-Register . . . Batavia* was bv. eers beskikbaar na die verskyning van WNT II 1, terwyl Prick van Wely en De Haan se belangrike bydraes dekades later gevolg het, vandaar dat *atjar* bv. eers in Supplement I (in 1940) 'n plek gevind het.

Ook gegewens i.v.m. die Ndl. dialekte was aanvanklik nog maar skraal en so verskyn die vorm *alewijn* bv. eers in Supplement I 1 (p. 906). Hierdie toedrag van sake blyk die duidelikste uit Van Haeringen se Supplement (by Franck-Van Wijk se *Etymologisch Woordenboek*) wat talryke verbeterings en aanvulling gelewer het. Desondanks ontbreek *alewijn* ook daarin.

b. Voorgenoemde *Etymologisch Woordenboek* en veral WNT vermeld soms enkele wisselvorme en volstaan dan met 'n verklaring dat daar nog talle ander is. Onder die versweë wisselvorme kan daar miskien die een en ander wees wat vir ander navorsers (bv. i.v.m. Afr.) uiters waardevol kan wees. Omdat Afr. dialektiese verskynsels nog nie volledig ondersoek is nie en ons ook met ruimte suinig moet werk, staan ons in hierdie opsig voor dieselfde vraagstukke as ons voorgangers in Nederland.

c. 'n Etimologiese verklaring kan onjuis wees, soos bv. dié van *hanslam* in WNT, en jare lank vanweë die erkende gesag en reputasie van die betrokke etimoloë goedskiks deur hulle navolgers aanvaar gewees het.

d. 'n Verklaring kan op 'n verkeerde vertolking van 'n mededeling berus. So is bv. 'n mededeling van Dapper omtrent 'n Ndl. woord *hottentot*, "hakkelaar", gedurende die tydperk 1668–1916 deur etimoloë en taalkundiges blykbaar verkeerd vertolk. Daar is o.a. ook by *keil*, "hoë hoed", redes om aan die juistheid van die verstrekte verklaring te twyfel.

e. Vir die etimoloog lê daar 'n gevaar van 'n algemene en baie omvangryke aard in die feit dat hy of sy segsman deur vooringenomenheid met die moontlike invloed van 'n ander taal op sy eie gekondisioneer kan wees (vgl. II, 5. hierbo en o.a. etimologieë van *amper*, *bottel*, *lepaai*, ens.).

Daar is nog ander moontlikhede van onbewuste en onopsetlike misleiding waarvoor die etimoloog moet waak, maar daar is in die voorafgaande genoeg gesê om hom te waarsku dat hy altyd moet bly waak as hy nie te goeder trou wil mistas nie.

Dit is moontlik om die bronne ook in te deel in dié wat hoofsaaklik die eksterne taalgeskiedenis (d.w.s. wat met 'n taal gebeur) en dié wat in die eerste plek die interne taalgeskiedenis (d.w.s. wat in 'n taal geskied) behandel. Die meeste handboeke oor tale behandel albei gesigspunte, terwyl grammatikas en woordeboeke uiteraard veral gegewens oor die tweede verstrek. Dit is miskien onnodig om meer daaroor te sê, behalwe dat beklemtoon moet word dat die

etimoloog met albei soorte bronne terdeë rekening moet hou, want hy moet die lewensgeskiedenis van woorde (m.a.w. hulle etimologieë) altyd in die raamwerk van die betrokke taal as 'n geheel benader en beskryf.

## VI. Metode

Dit kan die gebruiker van hierdie werk help as kortliks vir hom verduidelik word wat met bepaalde aksent-, lees- en ander tekens, lettertypes, volgorde, ens., bedoel word, kortweg, *hoe* die woordgeskiedenis hier behandel word. Oor ons metode van behandeling dan o.a. die volgende:

### 1. Trefwoorde:

a. Die keuse van die lemmas wat behandel word, is in die voorafgaande paragrawe in breë trekke na vermoë verantwoord.

b. By woorde wat hoofsaaklik in die vorm van 'n kompositum voorkom, word die etimologies onbelangrike gedeelte of lid tussen hakies geplaas.

c. Trefwoorde verskyn in wat die leek gewoonlik "klein vet" lettertype noem.

d. i. Verouderde woorde, d.w.s. woorde wat in ou geskifte verskyn en soms nog by lede van die ouer geslag gehoor word, kry onmiddellik vooraf die teken +. Tussen komponente v. komposita is dit bloot 'n plusteken (+), maar dan gedistansieer van die woord.

ii. Woorde waarvan die etimologie so onbekend is dat daarna net gegis kan word, maar wat tog om die een of ander rede vir opname kwalifiseer, kry vooraf die teken ?. Soms kry hulle + en ?.

### 2. Kruisverwysings:

a. Lemmas waarna verwys word, verskyn in "klein vet", want hulle staan daar in so 'n lettertype.

b. Maar kruisverwysings kan verskillende doeleindes hê en op verskillende plekke voorkom.

i. 'n Wisselvorm wat alfabeties op 'n ander plek te staan kom as dié waaronder die betrokke woord behandel word, verskyn as 'n lemma, maar verwys net na die behandelde vorm. So staan daar bv. o.a. **alewyn** v. **aalwyn**. Waar sulke vorme egter alfabeties naas mekaar te staan kom, word dit nie nodig geag om die nie afsonderlik behandelde vorm as 'n lemma aan te gee nie (kyk by **Wisselvorme**).

ii. Kruisverwysings kan egter ook in die teks van 'n etimologie voorkom en verskyn in so 'n geval ook in "klein vet". Hulle kan o.a. na verwante woorde verwys, bv. **agretjie**, **egret** en **reier**. Maar hulle kan ook na ooreenkomstige, soortgelyke of vergelykbare fonetiese, funksionele of semantiese verskynsels in ander woorde verwys. Ons volstaan weer eens met 'n



enkele voorbeeld ter toeligting. Dit behoort voldoende te wees om by slegs een trefwoord te wys op die epentetiese (ingevoegde) *t* tussen 'n *s* en 'n volgende *-(e)r* (bv. **paster**, **renoster**, **waster**, **yster**) en by al die ander gevalle van dié verskynsel net daarna te verwys.

### 3. Wisselvorme:

a. Wisselvorme kry gewoonlik vooraf en word dan gevolg deur die teken —, word (as daar meer as een is) geskei deur die teken / en verskyn in kursief (kyk egter ook by VI 2. b.i.).

b. Hulle volg gewoonlik op die vorm waaronder hulle behandel word, maar daar is soms goeie redes om van dié volgorde af te wyk.

c. Met die oog op ruimtebesparing word nie alle wisselvorme aangegee nie: hulle hoort beter tuis in 'n omvangryker werk soos WAT.

- i. Meestal word net wisselvorme aangegee wat vir die etimologie belangrik is of kan wees.
- ii. By wisselvorme word, waar moontlik, hakies en ander tekens gebruik. So staan *al(I)ewee/-wie* as wisselvorme in die teks van 'n etimologie bv. vir *ulewee/allewee/alewie/allewie*, ens.

### 4. Ander Vorme:

a. Met die term *forme* word dikwels “klankvorme” (o.a. weerspieël deur “spelvorme”) bedoel, tensy uit die verband duidelik blyk of uitdruklik vermeld word dat dit om 'n morfologiese vorm gaan. So is bv. *rinneweer* en *reneweer* nie wisselvorme nie, dog net 'n jonger en 'n ouer spelvorm. Die term *form* moet nie te streng “tegnies” opgevat word nie en hou na gelang van die geval min of meer verband met *spelvorm*, *klankvorm* en *wisselvorm*.

b. Morfologiese vorme, bv. meervouds- en verboë vorme, diminutief- en komparatiefvorme, word alleen aangegee waar dit nodig geag word.

c. Morfologiese verskynsels soos dié by **paster** c.s. (in VI 2 b. ii hierbo) word wel behandel, asook ander i.v.m. die wyse van woordvorming, bv. waarom **maltrap**, as dit 'n Afr. kompositum is, nie **maltrapper** is nie.

d. Die plek waar dergelike verskynsels in die raamwerk van 'n woord se “geskiedenis” (m.a.w. by sy etimologie) behandel moet word, verskil van geval tot geval en kan moeilik vasgestel word.

### 5. Woordsoortlikheid:

a. Woordsoortlikheid (m.a.w. by watter rededeel of rededele 'n woord tuishoort) word alleen vermeld waar dit nodig geag word.

b. In Afr. het die byvoeglike naamwoord en die bywoord dikwels dieselfde vorm, en soms is dit moeilik om uit te maak of 'n woord in 'n byv. of in 'n byw. funksie gebruik word. Dit lyk oorbodig om dit, behalwe in enigsins buitengewone gevalle, telkens te vermeld.

c. Deur die aard en die omvang van defleksieverskynsels in Afr. is veral die vormverskille tussen selfstandige naamwoorde en werkwoorde in baie gevalle uitgewis, met die gevolg dat funksiewisseling maklik plaasvind. 'n Vergelykende studie van Afr., Eng. en Ndl. in hierdie verband sou nodige en nuttige diens kan verrig. (Kempen het in WFA reeds nuttige aanvoorwerk verrig).

d. In die sg. "selfnoemfunksie" kan alle woorde wat normaalweg in ander funksies gebruik word, as selfstandige naamwoorde funksioneer.

## 6. Betekenis:

a. "Betekenis" is vandag allerweë so 'n omstrede begrip dat dit onprakties en onrealisties sou wees om die gebruik daarvan hier uitvoerig en wetenskaplik te probeer verantwoord. Dit is o.i. voldoende om te verklaar dat "betekenis" hier opgevat word soos tot nog toe in die meeste verklarende en vertalende woordeboeke. Dit word soms "woordeboekbetekenis" of "leksikografiese betekenis" genoem. Nida se aanduiding daarvan (in *Morphology*, 1949) is vir ons doel voldoende.

b. "Betekenis" (in die sin hierbo aangedui) word alleen (gewoonlik tussen aanhalingstekens) aangegee waar dit nodig geag word. Dit sal dan o.a. wees in gevalle waar die "ding" waarmee 'n woord verband hou, nie algemeen bekend is nie of waar t.o.v. Ndl. en Afr. die aandag op verskille in spesifieke gebruik gevalle gevestig wil word.

c. Sels waar opgawe van "betekenis" nodig geag word, kan hulle vanselfsprekend nie so volledig as in verklarende en vertalende woordeboeke aangegee word nie: hulle moet kort en saaklik 'n aanduiding help gee van watter woord ter sprake is, d.w.s. die woord help identifiseer.

d. Geringe betekenisnuanses word deur kommas van mekaar geskei, belangriker verskille deur kommapunte en desnoods deur 1., 2., ens., waar verwysings na verskillende "betekenis" in die teks van die etimologie nodig is.

e. In die geval van plant- en diername waarvan die laaste lid (by komposita) onderskeidelik bv. op *-bessie*, *-boom* en *-bos* en op *-bees*, *-bok* en *-hond* uitgaan, is opgawe van "betekenis" meestal oorbodig, veral as die natuurwetenskaplike nomenklatuur ook nog aangegee word. In die geval van gesteentes dui *-klip* of *-steen* dikwels die nodige aan. By fabrieks- en tekstielgoedere is die posisie egter gewoonlik anders.

## 7. Natuurwetenskaplike Nomenklatuur:

a. 'n Algemene taalverskynsel waarmee altyd terdeë rekening gehou moet word, is dat veral die benamings vir diere en plante dikwels op ander diere en plante oorgedra word wat nie tot dieselfde familie en selfs nie tot dieselfde orde behoort nie. Vir ander tale is talle voorbeelde te vind by Hehn, Hoops en Lokotsch; vir Afr. veral in Scholtz se *Uit die Geskiedenis v. d. Naamgewing a. Plante en Diere in Afrikaans*.

Hierdie algemeen-menslike gewoonte by die naamgewing het dit vir ons nodig gemaak om, waar moontlik, van die natuurwetenskaplike nomenklatuur vir identifikasiedoeleindes gebruik te maak.

b. Heelwat van ons vroeë inligting in hierdie verband berus op die primêre bronne van 18e-eeuse reisigers, jagters, plant- en dierkundiges wat hulle in baie gevalle bedien het van Linnaeus se nomenklatuurstelsel, waarmee ons dan rekening moes hou.

c. Daar het ongelukkig soms terminologieverskille tussen 'n ouer en 'n jonger nomenklatuurstelsel ontstaan (vgl. o.a. A. P. Goossens se "Evolusionêre neiginge en die klassifikasie van plante" in TWK XI 2 en W. J. Lütjeharms se "Twee Honderd Jaar 'Philosophia Botanica' van Linnaeus" in TWK/NR XI 2). Ook met sodanige verskille moes ons, waar moontlik en/of nodig geag, rekening hou. Die oue en die nuwe word (waar bek.) aangegee.

## 8. Datering:

a. Slegs in uitsonderlike gevalle weet ons presies wanneer 'n fabrieksprodukt vervaardig of 'n uitvinding op die mark gebring is, wanneer 'n ontdekking sy naam aan 'n eienaam ontleen het, ens. Maar in die meeste gevalle is 'n jaartal by 'n woord slegs 'n aanduiding van die vroegste "toevallige" dokumentering (vgl. I, 9. b.). Vir ons doel kan dit alleen van belang wees t.a.v. die beoordeling van vroeë soos: erfgoed of leengoed? En in laasgenoemde geval: langs watter weg?

b. Dit gaan hier veral om die vraag of ons nadere aanduidings moet probeer gee by datings wat vaagweg gekoppel is aan tydperke (bv. Mnl. of 17e-eeuse Ndl.) of aan persone (bv. Kiliaen of Van Riebeck). Dit verskil weer van geval tot geval: in sommige sodanige gevalle is 'n vas aanduiding voldoende, in ander is 'n nader presisering beslis gewens. Ons het in sulke gevalle ons diskresie gebruik.

c. 'n Enigsins soortgelyke geval het ons in Latyn en vorme daarvan. Soms het ons te doen met 'n woord wat Ndl./Afr. met Latyn gemeen het, en in ander gevalle met 'n later leenwoord uit Latyn, en dan miskien uit 'n bepaalde vorm daarvan.

Die terminologie van sommige Engelse etimologiese woordeboeke varieer van "Late Latin" tot "Medi(a)eval Latin", wat duidelik genoeg is, maar wat ongelukkig soms gelykgestel word

met “Low Latin” en “Vulgar Latin”. Laasgenoemde term paat kan, soos eersgenoemde paar, as sinonieme gebruik word, maar die tweetal pare nie, want daar was “volkse” vorme van Latyn sowel voor as na Klassieke Latyn. Ons het na die voorbeeld van Eng. “Proto-Romance” (wat sommige woordeboeke dan ook gebruik) die benaming “Proto-Romaans” oorweeg, maar soms het Klassieke Latyn vir die een of ander Romaanse taalvorm die deurslag gegee en nie ’n “volkse” vorm nie, en soms is nie tussen dié vorme te onderskei nie. Ons het ten slotte die voorkeur gegee aan Ll. wat vir Laaglatyn en Laatlatyn kan staan en wat na gelang van die geval oorgangsvorme kan dek wat nie tot Klassieke Latyn te herlei is nie, want dit is ten slotte wat vir ons hier van belang is.

d. Ook die terme **argaïsties** en **neologisties** bly dikwels vaag en kan misleidend wees. Ons het reeds daarop gewys dat *ladder* in Ndl. waarskynlik ’n ou “relik” is en in Afr. moontlik ’n “neologisme” (vgl. IV, 6. iv).

Soms kan ’n vreemde, ’n ouderwetse, ’n nuwerwetse of ’n eie spelvorm in sulke gevalle by gebrek aan pertinente gegewens ’n aanduiding van hulle ouderdom gee. Dan het, soos so dikwels, feite uit die eksterne taalgeskiedenis soms meer waarde as die getuienis van interne taalverskynsels.

e. Die sg. “dialektiese” woorde en woordvorme kan sowel in Ndl. as in Afr. soms oud en soms jonk wees. Ook dan moet vorm en betekenis (soos hierbo verduidelik) soms hulp lewer om die ouderdom te bepaal.

Ons het “dialekties” (as dial. afgekort) gebruik om “beroeps-”, “groep-” en “streektaal” te dek, want soms (bv. by die Afr. visserstaal) is daar nie tussen sodanige “dialek-” of “spraakvorme” te onderskei nie. Die Afr. visserstaal is ’n beroepstaal wat by groepe vissers van baai tot baai wissel en tog as ’n geheel ’n soort streektaal (met name ’n soort seekustaal, vgl. Ingwaecoons) vorm. So iets kan ook by ander bedrywigheede en in ander streke voorkom, bv. by delwers, ens.

## 9. Spelling:

a. Wat die ortografie van Afr. woorde betref, is die spelling en skryfwyse van die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* (7e uitg. v. 1964) gevolg, vir sover dit leiding kon gee.

Daar kom egter in ons werk ’n aantal woorde van “vreemde herkoms” voor in verband waarmee nog geen sodanige leiding gegee is nie en alleen gepoog kon word om die gees en strekking van ons reëls te vertolk en toe te pas. Soms kom sulke woorde in ou geskrifte voor in spelvorme wat hulle vir teenswoordige Afrikaanslesendes onverstaanbaar sou maak, maar soms ook in vorme wat digby die huidige Afr. spelvorme staan. Sodanige woorde het ons vir identifikasiedoeleindes onder die ouer vorme aangegee en daarby na die hedendaagse verafrikaanste spelvorme verwys.

Sodanige woorde van “vreemde herkoms” kon alleen daarop aanspraak maak om in hierdie werk as trefwoorde in ’n verafrikaanste vorm opgeneem te word. Waar hulle egter by die etimologisering ter sprake kom, word hulle “vreemde (verouderde) spelvorme” gewoonlik ook aangegee. Die woorde “sover moontlik” word hieronder nader verduidelik.

b. Woorde van “vreemde herkoms” lewer selfs in hulle “vreemde (verouderde) spelvorme” enkele moeilikhede op. Met die oog daarop kan die vernaamste tale wat hier ter sprake kom, in drie hoofgroepe ingedeel word.

- i. *Westerse Tale*: Wat Ndl. betref, het ons nie soseer met “vreemde herkoms” te doen nie, maar moes wel met die “ou” en met die “nuwe” spelling rekening gehou word, want gebrekkige kennis daaromtrent sal meermale die naslaan vir Afrikaanslesendes bemoeilik.

In verband met Engels is die ortografie van NED gevolg, behalwe in enkele gevalle waar ons met spesifiek Amerikaanse aanleenthede te doen gekry het.

In die geval van Duits is selfstandige naamwoorde nie met hoofletters geskrywe nie en is aanpassings, waar nodig, by die vroeër en die huidige spellingwyses gemaak.

Latyn het feitlik geen ernstige moeilikhede opgelewer nie, en Grieks kom hieronder (in VI, 9. b. iii) ter sprake.

In verband met die Romaanse tale moes hoofsaaklik met die ouer en die moderner skryfwyses (waaromtrent talle woordeboeke die nodige leiding gee) rekening gehou word. Die aksente en die cedille (ç) word by Franse woorde aangegee.

- ii. *Afrikatale*: Ons het hoofsaaklik met vorme van Hottentots en van Bantoe te doen. In albei gevalle is Afrikatale vroeër deur blankes op skrif gestel ooreenkomstig die ortografiese beginsels van die skrywers se tale.

Ten opsigte van die ou Kaapse Hottentotse dialekte het die vroeër skrywers (om die pas genoemde redes) baie van mekaar verskil, veral t.a.v. die weergawe, al dan nie, van die suigklanke en van die tekens wat hulle dan wel gebruik het wanneer hulle dié klanke probeer weergee het (kyk veral by Nienaber: *Hottentots*). Kroenlein se ortografie vir Nama (*Wortschatz der Khoi-Khoi*) het later toonaangewend geword en is dit feitlik nog.

Ons gee Afr. woorde van Hott. herkoms as lemmas ooreenkomstig ons stelsel in ’n verafrikaanste vorm sonder tekens vir die suigklanke aan, maar die vorme van Hott. en Nama (in die teks van die etimologieë) soos ons hulle by die twee genoemde bronne kry. Daarom behou ons die Hott.  $\chi$  teenoor die *g* wat van mekaar verskil soos die *g* van Afr. in *goed* verskil van die *g* van Eng. in *good* (net soos in Grieks hieronder).

In die geval van die Bantoetale het ons 'n posisie wat enigszins met dié van Hott. vergelyk kan word, maar hier het ons met 'n hele aantal verwante Bantoetale te doen en is dit dikwels moeilik om uit te maak uit watter een daarvan ons 'n woord ontleen het en hoe ons dit in sy Bantoevorm moet weergee, selfs as ons weet waar ons daaraan kom. Daar was in hierdie geval ook aanvanklik 'n verskeidenheid van skryfwyses, daarna spellingstelsels wat taamlik algemeen aanvaar is, toe deur blanke Bantoeïste gewysig en min of meer gestandaardiseer en uiteindelik deur blanke en nie-blanke sprekers en skrywers van dié tale weer gewysig is.

In die lemmas het ons sodanige woorde meestal in 'n verafrikaanste vorm weergegee, maar in die teks was die posisie begryplicherwyse moeiliker as in die geval van Hott. As ons met al die feite rekening hou, verdien dit oorweging om die Bantoeoorde weer te gee in die vorme waarin ons hulle in die betrokke woordeboeke van vroeër en later gevind het, want dit is ten slotte die bronne wat deur die gebruikers van hierdie werk geraadpleeg sal word.

Ons het gevolglik in die verafrikaanste lemmas meestal die *i* deur *ie* en die *u* deur *oe* vervang, maar in die teks die bron se ortografie behou. Ons het egter nie, soos Doke en Vilakazi (*Zulu-English Dictionary*) die teken 6 vir die bilabiale implosiewe konsonant in Zulu behou nie, maar dit deur *b* vervang, soos die Bantoeïste by die skryfwyse van plekname van Bantoeherkoms gedoen het (vgl. *Amptelike Plekname*, 1952, bl. 28, vi) en ook in enkele ander opsigte hulle voorbeeld gevolg (vgl. bl. 28, i tot vi t.a.p.).

- iii. *Tale (veral Oosterse) met ander Lettertakens:* Vir belangstellendes wat nie Grieks ken nie, lewer die Gr. lettertekens moeilikhede op. In teenstelling met NED translitereer Webster dan ook reeds Gr. woorde in die lettertekens wat in die Westerse tale gebruiklik is. Ons het hierdie voorbeeld in die algemeen gevolg, maar vir Afr. die lang *e* ( $\eta$ ) en die lang *o* ( $\omega$ ) van Gr. onderskeidelik deur  $\hat{e}$  en  $\hat{o}$  weergegee, die *ou* (met die klankwaarde van Afr. *oe*), die Gr. *u* i.p.v. die Lat. *y* en die  $\chi$  (om dieselfde rede as by Hott. in VI, 9. b. ii, hoewel deur ander gewoonlik as *ch* of *kh* getranslitereer) behou en die Gr.  $\theta$ ,  $\xi$ ,  $\phi$  en  $\psi$  onderskeidelik deur *th*, *x*, *ph* en *ps* weergegee, terwyl die aspiraatteken ' voor 'n klinker deur (*h*) vervang word.

Waar die aspiraatteken egter voor en dan bokant 'n anlautende medeklinker (soos bv. dikwels by *r*) voorkom, het ons dit in stryd met die skryftradisie om dit deur *rh* weer te gee, om etimologiese redes met (*h*) vooraan en tussen hakies as (*h*)*r* aangedui, wat ooreenstem met die weergawe voor klinkers.



Die Slawiese tale (o.a. Russies), Hebreeus, Arabies, Turks, Persies, Maleis, Japannees, Sjinees, ens., gebruik lettertekens wat in die algemeen nog minder as die Griekse bekend is, maar woorde daaruit is in die etimologiese woordeboeke van die Westerse tale getranslitereer, soos ook dié uit Sanskrit (bv. deur Macdonell) en uit tale wat daarmee verband hou, asook uit die Indiaanse tale van Amerika (veral in Spaans en Engels). Die weergawe is egter dikwels verskillend en verwarrend. So kan, al na gelang van die skrywer, die taal en die tydperk *c*, *ç*, *č*, *ch*, *š* en *sh* almal in bepaalde posisies dieselfde klank probeer weergee. Nou kom sommige van hierdie letters of letterverbindings in Westerse tale voor met 'n klankwaarde wat aan die bedoelde voldoen of byna voldoen. Ons het ons egter die vryheid veroorloof om, ook in die vreemde vorme, die betrokke klankwaarde deur *sj* aan te dui, soos ons bv. met die Eng. *sh* in *shilling* — Afr. *sjieling* doen. Hier is nóg die Eng. *sh* nóg die Afr. *sj* vir ons misleidend, maar die ingewikkelde veelheid van moontlike weergawes in die betrokke tale is verwarrend en regverdig vervanging in Afr. deur *sj*.

By die hierbo genoemde tale word aksent- en lengte-tekens in die meeste gevalle alleen aangegee waar dit nodig geag word.

## 10. Etimologisering:

Ons het ons in die voorafgaande nege paragrawe (van VI) besig gehou met die dinge wat om die eintlike etimologisering heen lê, met besonderhede soos die keuse van trefwoorde, hulle spelling, die volgorde van behandeling, ens. Ons kom nou tot die etimoloog se algemene opvatting van sy taak, tot sy benadering daarvan en tot wat hy daarmee beoog. Ook hier weer net enkele gesigspunte wat as algemene leidrade kan dien.

*a. Die Taal:* Die etimoloog se vernaamste taak is om die geskiedenis van woorde kortliks weer te gee binne die raamwerk van 'n bepaalde taal, van die taal waartoe hulle behoort. Verdere besonderhede is in 'n mate bykomstighede wat wel in die periferie van sy taak lê, maar wat dit nie moet oorskadu nie. Hoe uit die Ndl. vorm *anders* die ouer Ndl. en dialektiese *aars* (ook geskrywe *aârs/aêrs/aers*) ontwikkel en 'n homoniem gaan vorm het van *aars*, "anus", is in die eerste plek 'n aangeleentheid vir Neerlandici en nie vir die Afr. etimoloog nie, want as laasgenoemde hom daarmee sou bemoei, dan is daar geen rede waarom hy nie ook reenskaping van woordvorming en klankontwikkeling op Germaanse of Indo-Germaanse vlak moet gee nie. Andersyds is dit in die eerste plek 'n aangeleentheid vir die Afrikaanskundige om na te gaan hoe die Ndl. en Afr. vorm *anders* in Afr. tot *aans* ontwikkel en 'n homoniem gaan vorm het van *aans*, "straks", uit Afr. *aanstons*, Ndl. *aanstonds*. Die geval *aars* (Ndl.) kan deur die Afr. etimoloog

vermeld word, maar hoef nie nader “verklaar” te word nie; teenoor die geval *aans* (Afr.) het hy omvangryker verpligtings.

Die standpunt wat deur die voorgaande voorbeeld toegelig is, het by ons ernstige aandag geniet, hoewel ons soms omrede van die een of ander besondere belangstelling die periferie van ’n woord se geskiedenis in ons taal binnegedring het. Dit is ’n aangeleentheid van benadering, beklemtoning en verhouding wat beheerste ewewigtigheid vereis.

*b. Ander Tale:* Met wat in die voorafgaande paragraaf be-  
weer is, wil natuurlik nie gesê wees dat ’n taal geïsoleerd staan nie. Feitlik elke taal het woorde met ander tale gemeen, het woorde daaraan ontleen of self woorde daaraan “geleen”. Soms is daar ingewikkelde wedersydse verhoudinge in die vorm van ’n taal-  
motiesiese proses (soos aan weerskante van die Duits-Nederlandse grens). Die woordeskat van ’n taal is soos ’n bont lappieskombers met ’n vaste ondergrond waarop lappies in ’n verskeidenheid van kleure vasgewerk is. Die aard van die geheel en die indruk wat dit maak, blyk uit die samestelling van die patroon, m.a.w. uit die etimologieë van woorde en uit hoe hulle gehanteer en saamgestel is.

’n Woord kom nie sonder meer uit hierdie of daardie woord nie, maar behoort tot ’n woordfamilie wat op sy beurt deel van ’n taalfamilie vorm. Dit is ook deel van die etimoloog se taak om so ’n “stamboom” te verken en te leer ken. Maar die etimoloog moet by die afronding en voltooiing van sy “etimologiese bouwerk” nie sy steierpale laat bly staan nie.

Soms loop die etimoloog se gegewens binne die grense van sy taal dood, soms loop hulle deur tot in die oertyd. Dit is om hierdie en dergelike redes dat in hierdie werk meermale gekonstateer word dat ’n woord met ’n ander “verband hou” en liewer nie van regstreekse “afkoms” of “herkoms” te praat nie. Daar kan allerlei tussenskakels wees, soos van Frans tussen Latyn en die Wes-Germaanse tale of van die Frans van die Waalse geweste (via Suid-Nederlands) en Noord-Nederlands. Daarmee wil natuurlik weer nie gesê wees dat daar nooit sprake van “regstreekse verband” kan wees nie. Daar is derhalwe, ook om ander redes, spaarsaam gewerk met verwysings na verafgeleë uitlopers soos Oud-Noors, Goties en Sanskrit. Kenners van dié tale sal allermins in ’n Afr. werk na verdere inligting daaromtrent soek, en vir nie-kenners het mededelings daaromtrent weinig waarde.

*c. Verwysing na Bronne:* Die vraag is of alle geraadpleegde bronne by elke etimologie vermeld moet word. By ’n voorlopige bewerking van sowat die helfte van die onderhawige werk is dit inderdaad gedoen. Maar dit het onprakties geblyk, want in talle gevalle het die opgawe van bronne meer plek in beslag geneem as die vermelding van interne taalverskynsels. Etimologiese woordeboeke gee trouens in die reël ook nie alle bronne aan nie. Dit het ons laat besluit om die steierpale te verwyder. Die hele lys van



geraadpleegde bronne is in die **Bronnelys** te vind, en belangstellende gebruikers van hierdie werk sal maar daar gewenste inligting moet soek.

Maar die beginsel insake nie-vermelding van bronne kon nie streng deurgevoer word nie. Daar is naamlik talle tydskrifartikels, enkele monografieë en veral 'n verskeidenheid primêre bronne wat nie algemeen bekend en nie maklik bekombaar is nie. In sulke gevalle is dit dikwels nodig geag om wel bronne te vermeld. Ruimtebesparing en verstreking van inligting moes oordeelkundig met mekaar versoen word. Of ons daarby altyd oordeelkundig te werk gegaan het, moet die (teleurgestelde/tevrede) gebruiker self beoordeel.

